DIE VASSTELLING VAN GROEPSMORAAL BY NYWERHEIDSWERKERS D.M.V. 'N PROJEKSIE-TOETS

deur

A.B. B O S H O F F

PROEFSKRIF INGEHANDIG TER VERKRYGING VAN DIE GRAAD MAGISTER IN DIE HANDELSWETENSKAPPE (BEDRYFSIELKUNDE) AAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

PROMOTOR: PROF. P.A. THERON, M.A., D.PHIL. (STELL.)

MAART 1962

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPGEDRA AAN MY OUERS

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

V O O R W O O R D

Die studie wat hierin beskrywe word, is uitgevoer as 'n voorlopige ondersoek i.v.m. die moontlike gebruik van projeksietegnieke vir die vasstelling van moraal by groepe nywerheidswerkers.

Ek wil my opregte dank uitspreek teenoor die Bestuurder en personeel van Langeberg Koöperasie vir hulle vriendelike samewerking waardeur die ondersoek moontlik gemaak is. Ek wil daarop wys dat in die loop van die ondersoek baie vertroulike informasie bekom is en dat dele hiervan nie bekend gemaak kan word in hierdie proefskrif nie.

'n Woord van besondere dank aan Prof. P.A. Theron onder wie se leiding die studie uitgevoer is. Sy wye ervaring en intensiewe kennis van navorsingswerk was vir my tot groot hulp. Tweedens is ek ook baie dank verskuldig aan Prof. J.M. du Toit wat as mede-eksaminator baie nuttige wenke gegee het i.v.m. die statistiese verwerking van die gegewens.

Die studie is moontlik gemaak deur finansiële ondersteuning wat ontvang is van die Brouers-Instituut van Suid-Afrika. Hierdie hulp word hoog op prys gestel.

A.B. BOSHOFF

MAART 1962

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1 : INLEIDING

Projeksietoetse word reeds vir 'n hele aantal jare taamlik algemeen gebruik deur kliniese sielkundiges. In die hande van die bekwame en ervare kliniese sielkundige het projeksietegnieke 'n waardevolle diagnostiese hulpmiddel geword en het ook in baie gevalle 'n wesenlike bydrae gemaak tot die psigoterapeutiese behandeling van pasiënte.

Naas die nut wat dit in die kliniese sielkunde gehad het, is hierdie tegniek ook aangewend in eksperimentele werk o.a. in verband met die persoonlikheidsielkunde.

Die Bedryfsielkunde was tradisioneel die wetenskap wat 'n studie gemaak het van veral die volgende: Invloed van omgewingstoestande (temperatuur, lugdruk, humiditeit, ventilasie, ens.) op die werker in sy werksomgewing, wetenskaplike indiensneming en plasing, opleiding van werknemers en personeeladministrasie bv. promosies en verplasings. Na die publikasie van die werk van Roethlisberger e.a. in die vroeë dertigerjare is besef dat meer aandag gegee moet word aan die werker as menslike wese met persoonlike, sosiale en ekonomiese behoeftes wat tot 'n groot mate in die werksomgewing bevredig moet word. Hierby moet ook gevoeg word die besef dat groepsdinamiek 'n baie groot invloed het op die individuele werker se reaksies teenoor sy omgewing (medewerkers en meerderes in die besonder). Die belangrikheid van interpersoonlike en intergroep verhoudings is sterker besef as tevore. Onder hierdie omstandighede is dit nie verbasend dat daar deur bedryfsielkundiges meer aandag aan die vasstelling van persoonlikheidstrekke en -patrone van werkers gegee sou word nie.

Aan die begin is in die verband hoofsaaklik van vraelyste gebruik gemaak. Volgens Abt en Bellak [1] was die vernaamste tekortkominge hiervan:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. Die beoordeling van persoonlikheid in terme van <u>trekke</u> alleenlik,
2. die feit dat onbewuste motivering uit die oog verloor is,
3. die gemak waarmee 'n bepaalde persoon homself in 'n gunstiger lig kon stel omdat vraelyste dikwels taamlik "deursigtig" is, d.w.s. dit is moontlik vir die toetsling om die doel van 'n bepaalde vraag in te sien en 'n (vir hom) "gunstiger" antwoord daarop te gee.

Om bostaande redes het industriële sielkundiges in die afgelope twee dekades meer gebruik begin maak van projektiewe tegnieke. Projeksietoetse is nl. 'n middel om die persoonlikheidspatrone vas te stel (eerder as persoonlikheidstrekke) en dit stel die sielkundige dan ook in staat om die toetsling "van balans te vang" in die sin dat die toetsling nie so maklik die aard van die prikkels wat op hom inwerk in verband kan bring met die gevolgtrekkings wat uit sy reaksie op daardie prikkel deur die sielkundige gemaak kan word nie.

Projeksietoetse stel die sielkundige dus veral in staat om die bewuste en onbewuste onderdrukking en weerhouding van informasie deur 'n toetsling te oorkom.

Dit kan uit bogenoemde feite afgelei word dat projeksietoetse 'n nuttige hulpmiddel geword het vir die industriële sielkundige in sy strewe na wetenskaplike beoordeling van 'n bepaalde individu se persoonlikheid met die oog op indiensneming en plasing asook vir raadgewing (counseling) i.v.m. persoonlike probleme. Brower & Leider [2] noem bv. die volgende as projeksietegnieke wat dikwels deur bedryfsielkundiges gebruik word:

1. The Cornell Word Form.
2. Sentence Completion Test.
3. Draw-a-Person.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. Thematic Apperception Test (T.A.T.)
5. The Rorschach Technique
6. Tomkins-Horn Picture Arrangement Test (PAT)

Al hierdie toetse is in die verlede egter hoofsaaklik as hulpmiddels in die kliniese (raadgewings) werk van die industriële sielkundige gebruik. Dit is tot 'n mindere mate gebruik i.v.m. indiensneming en plasing van werknemers dog sover vasgestel kon word, is geen poging tot sover aangewend om projeksietegnieke te gebruik i.v.m. die vasstelling van groepsmoraal by nywerheidsgroepe nie.

Groepsmoraal (d.w.s. die houding van werkers teenoor hulle werk, toesighouers, werksomgewing en medewerkers) is van die grootste belang wanneer gestreef na die hoogste produktiwiteit. Die algemene aanvaarding van hierdie feit is dan ook een van die vernaamste gevolge van die resultate van die werk van Roethlisberger en sy medewerkers by die Hawthorne tak van die Western Electric Co. omstreeks 1930.

Daar bestaan reeds verskillende metodes waarvolgens moraal gemeet kan word. Die essensie van sulke metodes is die volgende:

1. Onderhoude bv. 'n stelsel van periodieke onderhoudvoerding soos deur Roethlisberger voorgestel of verlating sonderhoude wat met 'n werker gevoer word wanneer hy sy werk verlaat en waarin daar dan gepoog word om die redes vir hierdie stap vas te stel en sodoende ook 'n aanduiding te kry van werkers se houding teenoor die bestuur van 'n onderneming, die toesighouers, medewerkers en algemeen gesproke, die werksomgewing waarin hy hom bevind.

2. Houdingsondersoeke d.m.v. houdingsvraelyste, die resultate waaraan statisties verwerk kan word om die houding van werkers vas te stel teenoor bogenoemde situasies en persone.

Die probleme wat egter ondervind word wanneer onderhoude gebruik word as middel om moraal vas te stel is eerstens dat dit 'n tydrowende metode is en tweedens dat die doeltreffendheid daarvan nie altyd bo verdenking is nie, veral waar van rigting-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gewende onderhoude gebruik gemaak word. Die gedagte het dus ontstaan om te probeer vasstel of dit nie moontlik sou wees om 'n projeksietoets te gebruik om groepsmoraal onder nywerheidswerkers vas te stel nie.

'n Studie van die beskikbare projeksietoetse het aan die lig gebring dat die Thematic Apperception Test (T.A.T.) besondere eienskappe besit wat dit moontlik sou maak om 'n soortgelyke toets te ontwerp wat moontlik doeltreffend gebruik sou kon word met die oog op die vasstelling van groepsmoraal onder nywerheidswerkers. Die besondere eienskappe van die T.A.T. is:

1. Ondervinding het aangetoon dat die T.A.T. 'n besonder nuttige ondersoektegniek is in gevalle waar interpersoonlike verhoudings en appersepsie (d.w.s. interpretasie van (betekenis gee aan) die omgewing) 'n belangrike faktor is i.v.m. 'n bepaalde individu se gedrag.

Bellak [3] verklaar bv. : ..... the T.A.T. pictures are best seen as a series of social situations and interpersonal relations. Instead of responding to real people in real situations, the subject is responding to people in the pictures, which be imagines as certain social situations. Since he is under less constraint of conventionality or reality, his responses are more likely to depict his inner feelings."

2. Die T.A.T. kaarte (prente) dien dikwels as prikkels om agressie uit te lok in gevalle waar agressie latent is. Die rigting en intensiteit van manifestasies van agressie word dikwels deur die response aangetoon.

3. Dit is ook bekend dat gebeurtenisse wat kort gelede plaasgevind het, die response op die kaarte beïnvloed. Hierdie verskynsel moet egter gesien word asof die resente gebeurtenisse slegs as middele dien om onderliggende latente bewussynsprosesse tot uiting te bring.

Om bostaande redes is dus besluit om 'n toets soortgelyk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan die T.A.T. te ontwikkel met die oog op die bestudering van die waarde van sodanige tegniek i.v.m. die meting van groepsmoraal by nywerheidswerkers.

Met dié doel voor oë is besluit om 'n stel van 10-15 prente, soortgelyk aan die T.A.T. prente, te ontwerp en dit as 'n projeksietoets op groepe nywerheidswerkers toe te pas en die verkreë gegewens te vergelyk met gegewens wat verkry is uit onderhoude wat met die werkers gevoer is.

Die vereistes waaraan elke prent moes voldoen, was:

1. Op die prent moes 'n werksituasie uitgebeeld word. Hierdie werksituasie moes een wees wat deur nywerheidswerkers waarskynlik as sodanig erken sou word.

2. Daar moes sover moontlik op die prent mense verskyn wat waarskynlik beskou sou word as verteenwoordigend van meer as een groep bv. toesighouers, werkers, nie-werkers, lede van bestuur, ens.

3. Die prente moes dubbelsinnig wees. Per definisie moes dit (sosiale) situasies wees wat interpersoonlike verhoudings of intergroep verhoudings uitbeeld maar die aard van hierdie stimuli moes dit moontlik maak dat elke individu 'n eie interpretasie sou gee (betekenis sou heg) aan die situasies. Hier kan net terloops daarop gewys word dat aan hierdie vereiste nie deur al die prente voldoen is nie. Prent no. 9 bv. is, soos later beskrywe word, weggelaat omdat dit voorgekom het asof die situasie wat daarop uitgebeeld is, te gestruktureerd was.

Die prente wat uiteindelik gekies is, word hierby aangeheg. Dit bestaan uit:

PRENT NO. 1

In die voorgrond 'n lessenaar en kabinet. In die agtergrond 'n persoon wat by 'n halfoop deur inkyk. Op die deur staan in spieëlskrif „Kantoor-Office" geskrywe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

PRENT NO. 2

'n Werksbank en twee werksmense. Beide werksmense kyk en wys na 'n bepaalde punt op die werksbank.

PRENT NO. 3

In die voorgrond 'n man in 'n oorpak gekleed, wat na sy hand staan en kyk. Druppels wat van sy hand na die grond val. In die agtergrond staan 'n persoon met 'n das en 'n oorjas asook 'n aantal ander persone in oorpakke gekleed.

PRENT NO. 4

In die voorgrond staan 'n man met 'n oorjas en das aan. Verder in die agtergrond twee persone in oorpakke gekleed met hulle koppe bymekaar.

PRENT NO. 5

'n Man sit agter 'n lessenaar met papiere en 'n telefoon op. Aan die ander kant van die lessenaar 'n ander man gekleed in 'n oorpak en das.

PRENT NO. 6

In die voorgrond 'n werksbank en twee persone wat besig is met iets wat op die bank lê. In die agtergrond 'n persoon wat 'n oorjas aan en agter (langs) hom 'n groep mense in gewone klere gekleed.

PRENT NO. 7

In die voorgrond 'n ronde, kroegtipe toonbank met glase daarop. Daaragter 'n persoon skynbaar in werksklere gekleed.
In die agtergrond 'n klein tafel en twee ander persone, die een in werksklere gekleed.

PRENT NO. 8

Een persoon agter (skynbaar) toonbank binne-in afskorting.
Twee ander persone - een in voorgrond en een effens meer na agtergrond.
Ronde voorwerpe (klein) op die toonbank.

PRENT NO. 9

In voorgrond 'n voorwerp wat moontlik werksbank kan wees. 'n Persoon lê op die grond en 'n ander sit op sy hurke langs

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hom. Twee ander persone staan effens na agter. In agtergrond kom 'n persoon met iets in sy hand aan.

PRENT NO. 10

'n Ry persone staan voor 'n ander persoon wat iets in sy hand hou en in die groep voor hom se rigting kyk.

PRENT NO. 11

Vier mense sit rondom ronde tafel waarop daar iets (in vorm van reghoekige velle) lê.

PRENT NO. 12

Twee mans in oorpakke gekleed wat naby mekaar staan met die gesigte na mekaar gedraai.

PRENT NO. 13

'n Persoon, skynbaar in oorpak gekleed wat na iets in sy hande kyk.

In die volgende hoofstukke sal beskrywe word hoe hierdie prente in die ondersoek aangewend is en watter resultate behaal is.

.....

1) Abt, L.E. & Bellak, L.: Projetive Psychology. Grove Press, Inc. (John Culder Ltd.) New York, 1959. Bls. 437-438.

2) DITTO. Bls. 439-460.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2 : DIE EKSPERIMENTELE GROEPE

Die ondersoek is gedurende Desember 1960 en Januarie 1961 by die Mosselbaai tak van Langeberg Koöperasie Bpk. uitgevoer. Hierdie onderneming het, naas die fabriek by Mosselbaai, op 9 ander sentra in Suid-Afrika fabrieke wat almal toegespits is op die inmaak van groente en vrugte. Die onderneming lewer egter ook ander dienste bv. landboukundige voorligting, verskaffing van spuitstowwe en insektedoders, ens., aan sy lede.

Die organisasiestruktuur van die Mosselbaai tak is soos op bl. aangegee. Soos hieruit afgelei kan word, is die vernaamste vervaardigingsafdelings in die fabriek die Voorbereidingsafdeling, die Pakafdeling en die Inmaakafdeling. Die Skeikundige personeel was hoofsaaklik verantwoordelik vir die kwaliteitsbeheer oor die produksie.

Die ondersoek is uitgevoer in die Voorbereidings en Pakafdelings. In beide afdelings is slegs Kleurlingwerksters werksaam met Kleurlingvoorvroue as onmiddellike toesighoudsters. In die Voorbereidingsafdeling is elke voorvrou in beheer van ± 50 werksters dog in die pakafdeling is die kontrolespan nouer en beheer elke voorvrou slegs 12 werksters. In beide afdelings staan 'n blanke voorman aan die hoof.

Gedurende die ondersoek is hoofsaaklik appelkose en perskes tot ingemaakte vrugte en konfyt verwerk. Klein hoeveelhede Loganbessies, pruime, tamaties en groenmielies is ook verwerk. Die aard van die bewerkinge wat in die verskillende afdelings plaasvind word in die volgende gedeelte beskrywe.

DIE EKSPERIMENTELE GROEPE

Die ondersoek is hoofsaaklik toegespits op twee groepe werksters nl. 'n groep van elf Kleurlingwerksters en hulle Voorvrou uit die Voorbereidingsafdeling en 'n groep van nege werksters en hulle Voorvrou uit die Pakafdeling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die eksperimentele groepe en die werk wat hulle gedoen het, sal in die volgende afdelings nader omskrywe word.

AARD VAN WERK

(a) In die Voorbereidingsafdeling

In hierdie afdeling werk die werksters in groepe van twaalf by 'n langwerpige tafel, die sg. Voorbereidingstafel.

Langs elke werkster staan 'n kis met vrugte wat bewerk moet word en voor haar op die tafel is 'n aantal bakke gerangskik waarin die vrugte na voorbereiding gesorteer word volgens die klas waarin dit val.

Die aard van die Voorbereidingswerk verskil in detail volgens die soort vrug wat bemark word dog kom (in die geval van appelkose) op die volgende neer:

'n Klein hoeveelheid vrugte word uit die kis langs die werkster gehaal en in 'n aparte bak voor haar geplaas. Die vrugte word dan elkeen afsonderlik uit die bak geneem, middeldeur gesny en die pit verwyder. Daarna word die vrug ondersoek vir kneusplekke of ander beskadiging. Beskadigde dele word verwyder. Erg beskadigde en oorryp vrugte word dan in die sg. konfytbak geplaas en gaan hierna direk na die deel van die Inmaakafdeling waar dit tot konfyt verwerk word. Die orige vrugte word hierna volgens kleur, grootte, rypheidsgraad (groen, halfryp,ryp, ens.) geklassifiseer met die oog op die verwerking wat dit in die inmaakafdeling moet ondergaan en die graad waarvolgens dit later verkoop sal word. Hiervoor word die vrugte in die verskillende klasse in die toepaslike bak voor die werkster geplaas.

Inspeksie van die Voorbereidingsafdeling se werk word gedoen deur sg. voorvroue. Die voorvroue ontvang hulle bevele en is verantwoordelik aan die Hoofvoorvrou. In die geval van die eksperimentele groep het die Hoofvoorvroue ook opgetree as voorvrou vir daardie groep.

CARNEGIE BIBLIOTEEK

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) In die pakafdeling

Die vrugte wat in die Voorbereidingsafdeling as geskik vir inmaak geklassifiseer is, word óf per band óf d.m.v. arbeiders, die sg. bakkiedraers, na die pakafdeling vervoer.

In hierdie afdeling staan die werksters in pare by 'n sg. "pakbak". Die pakbak is 'n gewone wasbak waarin die voorbereide vrugte geplaas word en waarin dit gedurig onder water gehou word.

Die vrugte word uit die pakbak in die blikke, waarin dit later gekook en verseël word, gepak. 'n Klassifikasie van die vrugte word hier ook gedoen (volgens dieselfde kriteria as wat in die Voorbereidingsafdeling toegepas word.) sodat die vrugte wat in 'n bepaalde blik gepak word so eenders as moontlik is, m.b.t. kleur, grootte, rypheidsgraad, aanwesigheid en mate van beskadiging, ens.

Inspeksie van die werk in hierdie afdeling word ook deur sg. voorvroue o.l.v. 'n Hoofvoorvrou gedoen. Verdere inspeksie van die kwaliteit van die werk in hierdie afdeling word deur die Skeikundige personeel, wat as kwaliteitsinspekteurs optree, deur die trek van monsters gedoen.

Dienstyd van die eksperimentele groepe

Aangesien die inmaakbedryf 'n seisoensbedryf is, kon in beide die Voorbereidings- en pakafdelings twee tipes werksters onderskei word, nl. die sg. permanente werksters wat dwarsdeur die jaar by die onderneming in diens is en die sg. seisoenwerksters wat slegs gedurende die vrugteseisoen (van ongeveer middel November tot einde Maart) in die fabriek werksaam is.

Daar is gepoog om sover moontlik slegs permanente werksters in die eksperimentele groepe in te sluit. Verskeie faktore het die toepassing van hierdie beginsel baie moeilik gemaak. In die eerste plek moet "permanente" werksters as 'n relatiewe begrip beskou word. Die hoeveelheid werksters wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op 'n bepaalde dag in diens sou wees, is nl. bepaal deur die hoeveelheid vrugte wat op die bepaalde dag verwerk moes word. Die beplanning van hoeveel en watter werksters op 'n bepaalde dag moes kom werk, is die vorige dag gedoen. In die tweede plek was werkafwesigheid baie hoog gewees sodat dit nog moeiliker geword het om met sekerheid te voorspel watter werksters gereeld genoeg in diens sou wees om in die eksperimentele groep ingesluit te word. Hierdie faktore het die grootte van die eksperimentele groepe ook erg beperk.

Die eksperimentele groep getrek uit die Voorbereidingsafdeling het dus uiteindelik 10 werksters ingesluit wat as permanent beskou kon word en 2 wat as seisoenswerksters beskou kon word. Die eksperimentele groep in die pakafdeling het 8 werksters ingesluit wat as permanente werksters beskou is en 2 wat as seisoenswerksters beskou is.

Al die permanente werksters wat in die eksperimentele groepe ingesluit is, was vir minstens 3 jaar permanent in die fabriek werksaam. Die seisoenswerksters in die eksperimentele groepe was almal reeds vir 10 of meer seisoene in die fabriek werksaam toe die ondersoek gedoen is.

LOONSTELSEL

Die loonstelsels waaronder die twee eksperimentele groepe gewerk het, word in onderstaande tabel uiteengesit.

	Basies (p.w.)	L.K.T. (p.w.)	Totaal (Min.)	Aansporing	Oortyd
Voorbereidingswerksters	30/3	19/6	49/9	$9\frac{1}{2}$d p.kissie	$11\frac{1}{2}$d p.uur
Pakkers	35/3	21/-	56/3	$1\frac{1}{2}$d per "tray"	1/$1\frac{3}{4}$d per uur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPMERKINGS

1. Die totale basiese loon (Basiese loon plus lewenskostetoelaag) van die werksters is die minimum wat hulle per week ontvang het.

2. Die aansporing waarvan in die tabel melding gemaak is, betaal

(a) in die geval van Voorbereidingswerksters vir elke kissie vrugte meer as 6 wat op een dag bewerk is. (Dit was in die geval van appelkose dog by die ander vrugte was ongeveer dieselfde)

(b) in die geval van Pakkers vir elke „tray" meer as 50 wat op 'n bepaalde dag bewerk is. ('n „Tray" is 'n houer met 'n bepaalde getal blikke, afhangende van die grootte van die blikke)

3. As oortyd is beskou: alle tyd wat 9½ uur per dag oorskry met die uitsondering van Vrydae wanneer oortyd gereken is vir alle ure meer as 9 uur gewerk. Saterdae en Sondae is ook as oortyd beskou.

In die volgende hoofstuk sal die metode van ondersoek wat m.b.t. die twee groepe gevolg is, beskrywe word.

.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za





Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3 : DIE METODE VAN ONDERSOEK

Die ondersoek is in twee fases uitgevoer nl. in Desembermaand hoofsaaklik in die Voorbereidingsafdeling en in Januarie hoofsaaklik in die Pakafdeling.

Chronologies het die ondersoek in elke afdeling as volg verloop.

1. Daar is seker gemaak dat die hele vloei van produksie gevolg is en alle werksprosesse in die twee afdelings begryp is. Soms is sommige van die take self uitgevoer.

2. Die eksperimentele groepe is uitgekies. Oorspronklik het die eksperimentele groepe in beide die Voorbereidings- en Pakafdeling bestaan uit 12 werksters en die Voorvrou. A.g.v. die probleme wat in hoofstuk 2 beskrywe is, is die groepe later verklein tot die uiteindelike grootte van 11 werksters en die Hoofvoorvrou uit die Voorbereidingsafdeling en 9 werksters en 'n voorvrou uit die Pakafdeling.

3. Die doel van die ondersoek is aan al die lede van die eksperimentele groepe meegedeel terwyl hulle besig was om te werk. Daar is gesê dat die ondersoek uitgevoer word deur 'n student wat graag meer wou weet van „die werk wat in fabrieke gedoen word, wie die werk doen en hoe die mense wat die werk doen, voel en dink oor die lewe."

4. Hierna is saam met die betrokke eksperimentele groep op skof gegaan.

Terwyl die werksters dan besig was, om te werk is daar nierigtinggewende, informele onderhoude met hulle gevoer. Die onderhoude is gewoonlik met individuele werksters gevoer dog in die Pakafdeling was dit dikwels a.g.v. die inrigting van die werksplek nodig om die onderhoud met pare werksters te voer. Die doel van hierdie onderhoud was om die werksters gewoond te laat raak aan die feit dat 'n ondersoek uitgevoer word en on-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sekerheid i.v.m. die doel van die onderhoude uit die weg te ruim. In beide groepe was aan die begin van die ondersoek baie groot onsekerheid waarneembaar oor die doel van die ondersoek en daar is etlike kere verklaar dat „dit 'n set van Langeberg is om ons weer minder te betaal en meer te laat werk." Dit het ± 14 werksdae geneem voordat die werksters begin het om tentatiewe opmerkings i.v.m. werksure, werktoestande, diensvoorwaardes, lone en die behandeling van voorvroue en voormanne ontvang te maak. Hierna is die volgende fase van die ondersoek dan aangepak.

5. In hierdie fase is die projeksie toets (waarvan die kaarte in hoofstuk 1 beskrywe is) toegepas.

Die prosedure wat gevolg is, was vir beide groepe die volgende.

Elke lid van die eksperimentele groep is afsonderlik getoets in 'n afgesonderde vertrek.

Daar is aan elke toetsling verduidelik dat die toets in geen opsig tot haar nadeel kan strek nie. Daar is aan die werksters verduidelik dat die aflê van die toets heeltemal vrywillig was maar dat sy die ondersoek baie sou bevorder deur saam te werk. Enige vrae wat op hierdie stadium gestel is, is beantwoord. Hierna is verduidelik dat wat sy sê op 'n bandopnemer opgeneem sou word sodat die ondersoeker weer daarna kon luister dog dat niemand anders toegelaat sou word om daarna te luister nie. Die bandopnemer is aan die toetsling gewys en die werking daarvan verduidelik.

Daar is met die werklike toets begin. Die instruksies wat aan die toetsling gegee is, het ongeveer as volg gelui:

„Ek gaan nou vir jou 'n klompie prente wys, die een na die ander. Kyk goed na elke prent en vertel vir my 'n storie daaroor. Jy moet my vertel wat daar op die prentjie gebeur en wat vooraf gebeur het wat daardie dinge kon laat plaasvind. Daarna moet jy my ook vertel wat nog lateraan gaan gebeur. Verder moet jy vir my sê hoe die mense op die prent dink en hoe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle voel. Probeer om die storie wat jy my vertel so lewendig as moontlik te maak."

Die dertien kaarte is hierna in volgorde aan die toetsling getoon.

Na afloop van die toets is die response teruggespeel en neergeskryf. Dit is dan bestudeer met die oog op die onderhoude wat in die volgende fase van die toets gevoer sou word.

4. In hierdie fase is met die individue of pare werksters onderhoude gevoer (terwyl hulle gewerk het) om vas te stel of hulle vorige ondervinding binne of buite die fabriek moontlik die aanleiding kon wees tot response wat in die vorige deel van die ondersoek verkry is. Die belangrikste doelstelling was hier om te bepaal of vorige ondervinding met voormanne, voorvroue of ander lede van die bestuur bepaalde response tot gevolg kon hê.

Hierdie onderhoude was hoofsaaklik nierigtinggewend doog dit was soms nodig om rigtinggewend op te tree ten einde vas te stel wat aanleiding kon gegee het tot sekere response.

Wat in die onderhoude (beide die eerste en die opvolgonderhoude) vasgestel is, is onmiddellik na afloop van die onderhoud so volledig moontlik opgeteken.

5. Die laaste gedeelte van die ondersoek het bestaan uit die statistiese ontleding van die gegewens wat uit die derde gedeelte van die ondersoek verkry is. Die wyse waarop dit gedoen is en die resultate wat hieruit verkry is, sal in die volgende hoofstuk beskrywe word.

.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4 : ONTLEDING VAN DIE TOETSRESULTATE

A. INDELING VAN DIE RESPONSE

Die werksters in die eksperimentele groepe se response is, soos in die vorige hoofstuk beskrywe, op band opgeneem, teruggespeel en neergeskryf. Hierna is die response ontleed.

As 'n respons is beskou 'n individuele werkster se reaksie (verhaal) n.a.v. 'n enkele kaart. Daar was dus teoreties 13 response vir elke werkster en 22 response op elke kaart (12 van die eksperimentele groep uit die Voorbereidingsafdeling en 10 van die eksperimentele groep uit die Pakafdeling). Omdat al die werksters nie op al die kaarte gerageer het nie, is hierdie teoretiese hoeveelheid response nie altyd verkry nie, bv. op Kaart No. 13 het slegs 16 werksters gereageer (9 uit die eks. groep uit die Voorbereidingsafdeling en 7 uit die eks. groep uit die Pakafdeling.)

Omdat die twee eksperimentele groepe se response statisties met mekaar vergelyk sou word, is dit apart ingedeel.

Die response is vir elke Kaart afsonderlik ingedeel d.w.s. die response (van die 2 eks. groepe apart) is ingedeel vir Kaart No. 1, daarna vir Kaart No. 2 ens. tot by Kaart No. 13.

METODE VAN INDELING VAN DIE RESPONSE

Die response van beide eksperimentele groepe is onder die volgende hoofde ontleed.

1. Industrieel, onseker, nie-industrieel

Die respons wat beoordeel moes word, is as geheel deurgelees en herlees.

Op hiervan is dan geoordeel of die werkster die Kaart as

(i) 'n industriële situasie of
(ii) 'n nie-industriële situasie of
(iii) as beide gesien het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In geval (i) is die respons ingedeel as industrieel, in geval (ii) as nie-industrieel en in geval (iii) as onseker indien dit nie moontlik was om te oordeel in watter van kategorieë (i) of (ii) die respons geplaas moes word nie omdat nóg die industriële nóg die nie-industriële aspekte van die respons oorheers het.

Enkele response is ook in kategorie (iii) geplaas omdat dit m.b.t. hierdie kriterium so vaag was dat dit nie moontlik was om te verklaar dat die werkster die Kaart in terme van óf 'n industriële óf 'n nie-industriële agtergrond gesien het nie.

2. Agressief, neutraal, onderworpe

Nadat 'n respons m.b.t. die eerste kriterium ingedeel is, is dit soos tevore beoordeel om vas te stel of die respons

(i) agressie teenoor 'n persoon, voorwerp of instelling beskrywe,

(ii) onderworpenheid aan 'n persoon of instelling uitbeeld of

(iii) (a) beide agressie en onderworpenheid uitbeeld sodat dit nie moontlik is om vas te stel watter begrip oorheers nie of

(b) so vaag is dat m.b.t. hierdie kriterium onmoontlik is om dit in (i) of (ii) in te deel.

Elke respons is dus ingedeel as óf (i) agressief, óf (ii) onderworpe of (iii) neutraal volgens die definisies wat hierbo gegee is.

3. Onveilig, neutraal, veilig:

Elke respons is ook soos tevore beoordeel om vas te stel of dit

(i) onveiligheid beskrywe d.w.s. 'n persoon of persone wat onveilig voel, bedreig word, of rede het om onveilig of bedreigd te voel,

(ii) veiligheid beskrywe d.w.s. 'n persoon of persone beskrywe wat veilig voel of rede het om so te voel.

(iii) beide veiligheid en onveiligheid beskrywe sodat dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onmoontlik is om dit in kategorië (i) en (ii) in te deel of so vaag is dat nie vasgestel kan word of die respons in kategorieë (i) of (ii) geplaas behoort te word nie.

Elke respons is dus ingedeel as óf (i) onveilig óf (ii) neutraal óf (iii) veilig.

4. Ontevrede, neutraal, tevrede

Elke respons is ook beoordeel of dit

(i) aandui dat 'n persoon of persone tevrede voel of was of sal word of

(ii) tevrede voel, was, of sal word of

(iii) so vaag is m.b.t. hierdie kriterium dat dit nie moontlik is on te sê dat dit in kategorieë (i) of (ii) geplaas moet word nie of beide tevredenheid en ontevredenheid uitbeeld sodat dit onmoontlik is om te sê of die respons die eienskappe van kategorieë (i) of (ii) besit.

Elke respons is dus ook ingedeel as óf (i) ontevrede (ii) neutraal of (iii) Tevrede.

Elke respons is dus ingedeel as:

1. Industrieel of neutraal of nie-industrieel
2. Agressief of neutraal of onderworpe
3. Onveilig of neutraal of veilig
4. Ontevrede of neutraal of tevrede.

Daar moet op gewys word dat 'n bepaalde respons dus as

1. Industrieel
2. Agressief
3. Onveilig
4. Ontevrede kon ingedeel gewees het en in die statistiese ontleding eintlik as 4 afsonderlike response beskou is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

T A B E L I

TIPE RESPONSE UITGELOK (VBWS.)

KAART NO.	F. van Vbws. wat industriële response lewer	F. van Vbws. wat nie-indus. response lewer	F. van Vbws. met response wat ind. of nie-ind. kan wees	AGRESSIWITEIT-ONDERWORPENHEID			ONVEILIGHEID-VEILIGHEID			ONTEVREDENHEID TEVREDENHEID			TOTALE GETAL RESP.
				AGRESSIWITEIT	NEUTRAAL	ONDERWORPENHEID	ONVEILIGHEID	NEUTRALITEIT	VEILIGHEID	ONTEVREDENHEID	NEUTRAAL	TEVREDENHEID	
1	7	3	2	3	9	0	5	7	0	4	8	0	12
2	10	1	1	4	8	0	7	2	3	4	5	3	12
3	7	3	2	1	9	2	9	3	0	2	10	0	12
4	11	0	1	4	8	0	7	5	0	5	6	1	12
5	11	1	0	1	8	3	3	8	1	1	8	3	12
6	11	1	0	2	9	1	5	6	1	1	7	4	12
7	4	8	0	2	10	0	3	8	1	4	7	1	12
8	10	1	1	1	11	0	6	5	1	6	5	1	12
9	10	0	2	0	12	0	12	0	0	0	12	0	12
10	7	0	4	1	8	2	1	9	1	3	5	3	11
11	8	2	2	0	12	0	4	8	0	5	6	1	12
12	12	0	0	5	6	1	5	7	0	6	6	0	12
13	5	2	2	0	9	0	5	3	1	0	7	2	9
Totaal 113		22	17	24	119	9	72	71	9	41	92	19	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

T A B E L 1A

TIPE RESPONSE UITGELOK (VBWS.) (% GEWYS)

KAART NO.	F. v/d Vbws. wat industriële resp. lewer	F. v/d Vbws. wat nie-indus. response lewer	F. v/d Vbws. wat response lewer wat ind. of nie -ind. kan wees	AGRESSIWITEIT	NEUTRAAL	ONDERWORPENHEID	ONVEILIGHEID	NEUTRAAL	VEILIGHEID	ONTEVREDENHEID	NEUTRAAL	TEVREDENHEID
1	58.3	25	16.7	25	75	0	41.7	58.3	0	33.3	66.7	0
2	83.4	8.3	8.3	33.3	66.7	0	58.3	16.7	25	33.3	41.7	25.0
3	58.3	25.0	16.7	8.3	75.0	16.7	75.0	25.0	0	16.7	83.3	0
4	91.7	0	8.3	33.3	66.7	0	58.3	41.7	0	41.7	50.0	8.3
5	91.7	8.3	0	8.3	66.7	25.0	25.0	66.7	8.3	8.3	66.7	25.0
6	91.7	8.3	0	16.7	75.0	8.3	41.7	50.0	8.3	8.3	58.3	33.3
7	33.3	66.7	0	16.7	83.3	0	25	66.7	8.3	33.3	58.3	8.3
8	83.4	8.3	8.3	8.3	91.7	0	50	41.7	8.3	50	41.7	8.3
9	83.3	0	16.7	0	100	0	100	0	0	0	100	0
10	81.8	0	18.2	9.1	72.7	18.2	9.1	81.8	9.1	27.3	45.5	27.3
11	66.7	16.7	16.7	0	100	0	33.3	66.7	0	41.7	50.0	8.3
12	100	0	0	41.7	50.0	8.3	41.7	58.3	0	50	50	0
13	55.6	22.2	22.2	0	100	0	55.6	33.3	11.1	0	77.8	22.2

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

T A B E L II

TIPE RESPONSE UITGELOK (PAKKERS)

KAART NO.	F. van pakkers wat industriële response lewer	F. van Vbws. wat nie-industriële response lewer	F. van Vbws. met response wat ind. of nie-ind. kan wees	AGRESSIWITEIT-ONDERWORPENHEID			ONVEILIGHEID VEILIGHEID			ONTEVREDENHEID TEVREDENHEID		
				AGRESSIWITEIT	NEUTRAAL	ONDERWORPENHEID	ONVEILIGHEID	NEUTRALITEIT	VEILIGHEID	ONTEVREDENHEID	NEUTRALITEIT	TEVREDENHEID
1	5	2	3	4	4	2	5	5	0	4	6	0
2	6	3	0	3	3	3	4	3	2	3	4	2
3	8	2	0	3	6	1	9	1	0	3	7	0
4	9	0	0	3	6	0	4	4	1	5	3	1
5	7	2	0	1	6	2	5	1	3	2	3	4
6	10	0	0	0	8	2	4	5	1	2	7	1
7	7	2	1	1	9	0	4	5	1	5	4	1
8	5	4	1	2	7	1	2	7	1	3	4	3
9	4	0	6	0	10	0	10	0	0	0	10	0
10	4	3	1	0	7	1	4	4	0	2	6	0
11	3	4	2	0	9	0	3	5	1	2	4	3
12	9	1	0	3	4	3	8	2	0	8	1	1
13	2	5	0	0	7	0	6	1	0	0	7	0
Totaal	79	28	14	20	86	15	68	43	10	39	66	16

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

T A B E L IIA

TIPE RESPONSE UITGELOK (PAKKERS) - % GEWYS

KAART NO.	F. van die pakkers wat industriële resp. lewer	F v/d pakkers wat nie-industriële response lewer	F v/d pakkers wat response lewer wat ind. of nie-ind. kan wees	AGRESSIEF	NEUTRAAL	ONDERWORPE	ONVEILIG	NEUTRAAL	VEILIG	ONTEVREDE	NEUTRAAL	TEVREDE	Ind. of nie-ind.	Agressie-onderworpe	Veiligheid-Onveiligheid
1	50	20	30	40	40	20	50	50	0	40	60	0			
2	66.7	33.3	0	33.3	33.3	33.3	44.4	33.3	22.2	33.3	44.4	22.2			
3	80	20	0	30	60	10	90	10	0	30	70	0			
4	100	0	0	33.3	66.7	0	44.4	44.4	11.1	55.6	33.3	11.1			
5	77.8	22.2	0	11.1	66.7	22.2	55.6	11.1	33.3	22.2	33.3	44.4			
6	100	0	0	0	80	20	40	50	10	20	70	10			
7	70.0	20	10	10	90	0	40	50	10	50	40	10			
8	50	40	10	20	70	10	20	70	10	30	40	30			
9	40	0	60	0	100	0	100	0	0	0	100	0			
10	50	37.5	12.5	0	87.5	12.5	50	50	0	25	75	0			
11	33.3	44.4	22.2	0	100	0	33.3	55.6	11.1	22.2	44.4	33.3			
12	90	10	0	30	40	30	80	20	0	80	10	10			
13	42.9	57.1	0	0	100	0	85.7	14.3	0	0	100	0			

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

T A B E L III

TIPE RESPONSE UITGELOK (TOTAAL)

NO. VAN KAART	F (Pakkers & Vbws.) wat industriële response lewer	F (Pakkers & Vbws.) wat nie-industriële response lewer	F (Pakkers & Vbws.) wat ondiff. response lewer	AGRESSIWITEIT-ONDERWORPENHEID			ONVEILIGHEID-VEILIGHEID			TEVREDENHEID-ONTEVREDENHEID			TOTALE GETAL RESPONSE
				AGRESSIWITEIT	NEUTRAAL	ONDERWORPENHEID	ONVEILIGHEID	NEUTRALITEIT	VEILIGHEID	ONTEVREDENHEID	NEUTRALITEIT	TEVREDENHEID	
1	12	5	5	7	13	2	10	12	0	8	14	0	22
2	16	4	1	7	11	3	11	5	5	7	9	5	21
3	14	6	2	4	15	3	18	4	0	5	17	0	22
4	20	0	1	7	14	0	11	9	1	10	9	2	21
5	18	3	0	2	14	5	8	9	4	3	11	7	21
6	21	1	0	2	17	3	9	11	2	3	14	5	22
7	11	10	1	3	19	0	7	13	2	9	11	2	22
8	15	5	2	3	18	1	8	12	2	9	9	4	22
9	14	0	8	0	22	0	22	0	0	0	22	0	22
10	13	3	3	1	15	3	5	13	1	5	11	3	19
11	11	6	4	0	21	0	7	13	1	7	10	4	21
12	21	1	0	8	10	4	13	9	0	14	7	1	22
13	8	6	2	0	16	0	11	4	1	0	14	2	16
Totaal	194	50	29	44	205	24	140	114	19	80	158	35	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

T A B E L IIIA

TIPE RESPONSE UITGELOK (TOTAAL) - % GEWYS

KAART NO.	F van die werkers wat industriële response lewer	F van die werkers wat nie industriële response lewer	F v/d werkers wat response lewer wat ind. of nie-ind. kan wees	AGRESSIE	NEUTRAAL	ONDERWORPE	ONVEILIG	NEUTRAAL	VEILIG	ONTEVREDE	NEUTRAAL	TEVREDE
1	54.5	22.7	22.7	31.8	59.1	9.1	45.5	54.5	0	36.4	63.6	0
2	76.2	19.0	4.8	33.3	52.4	14.3	52.4	23.8	23.8	33.3	42.9	23.8
3	63.6	27.3	9.1	18.2	68.2	13.6	81.8	18.2	0	22.7	77.3	0
4	95.2	0	4.8	33.3	66.7	0	52.4	42.9	4.7	47.6	42.9	9.5
5	85.7	14.3	0	9.5	66.7	23.8	38.1	42.9	19.0	14.3	52.4	33.3
6	95.5	4.5	0	9.1	77.3	13.6	40.9	50.0	9.1	13.6	63.6	22.7
7	50.0	45.5	4.5	13.6	86.4	0	31.8	59.1	9.1	40.9	50.0	9.1
8	68.2	22.7	9.1	13.6	81.8	4.5	36.4	54.5	9.1	40.9	40.9	18.2
9	63.6	0	36.4	0	100	0	100	0	0	0	100	0
10	68.4	15.8	15.8	5.3	78.9	15.8	26.3	68.4	5.3	26.3	57.9	15.8
11	52.4	28.6	19.0	0	100	0	33.3	61.9	4.8	33.3	47.6	19.0
12	95.5	4.5	0	36.4	45.5	18.2	59.1	40.9	0	63.6	31.8	4.5
13	50.0	37.5	12.5	0	100	0	68.7	25	6.3	0	87.5	12.5

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

T A B E L IV

TOETS VAN BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL (NEGATIEF-POSITIEF) (INGEDEEL VOLGENS KAARTE MET WEGLATING VAN KAART NO. 9

KAART NO.	NEGATIEWE RESPONS X_n	POSITIEWE RESPONS X_p
1	25	2
2	25	13
3	27	3
4	28	3
5	13	16
6	14	10
7	19	4
8	20	7
10	11	7
11	14	5
12	35	5
13	11	3
	X_n = 242	X_p = 78

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

T A B E L V

INDIVIDUELE WERKERS SE RESPONSE (NEGATIEF-POSITIEF)

MET WEGLATING VAN KAART NO. 9

WERKER NO.		F_n	WERKER NO.	F_p
Voorbereidings-werkers	1	18	1	2
	2	21	2	4
	3	8	3	6
	4	2	4	2
	5	9	5	7
	6	10	6	5
	8	11	8	0
1	9	5	9	2
	10	23	10	3
	11	3	11	2
	12	14	12	4
	V	0	V	0
	X	125	X	37
	$\bar{X}$	10.4	$\bar{X}$	3.1
	N	12	N	12

WERKER NO.		F_n	WERKER NO.	F_p
Pakkers	4	5	4	10
	5	17	5	2
	6	11	6	1
	7	5	7	5
	8	14	8	1
	9	7	9	6
3	10	12	10	4
	11	15	11	2
	V	15	V	4
	VB	16	VB	6
	X	117	X	41
	$\bar{X}$	11.7	$\bar{X}$	4.1
	N	10	N	10

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(c) Die gem. hoeveelheid negatiewe response per werker &

(d) die gem. hoeveelheid positiewe response per werker in die eks. groep uit die Voorbereidingsafdeling

Hierdie gemiddeldes en die verskille tussen hulle kan as volg opgesom word:

G R O E P	Gem. negatief	Gem. positief	VERSKIL
Voorbereidings-afdeling	10.4	3.1	7.3 (i)
Pakafdeling	11.7	4.1	7.6 (ii)
Verskil	1.3 (iii)	1.0 (iv)	

Die verskille (i), (ii), (iii), (iv) is m.b.v. die t-toets vir beduidendheid getoets.

(i) Die verskil tussen die gem. hoeveelheid negatiewe response per werker en die gem. hoeveelheid positiewe response per werker by die eksp. groep uit die Voorbereidingsafdeling nl. 7.3 is deur die t-toets as beduidend bewys op die 1% grense. (t=3.2, g.v. = 22).

(ii) Die verskil tussen die gem. hoeveelheid positiewe response per werker en die gem. hoeveelheid positiewe response per werker by die eksp. groep uit die Pakafdeling nl. 7.6 was beduidend op die .1% peil (t= 4.5, g.v. = 18).

(iii) Die verskil tussen die gem. hoeveelheid negatiewe response per werker by die twee eksp. groepe nl. 1.3 was onbeduidend (t= .5, g.v. = 20).

(iv) Die verskil tussen die gem. hoeveelheid positiewe response per werker by die 2 eksp. groepe nl. 1.0 was onbeduidend (t = .9, g.v. = 20).

Dit was dus duidelik dat hierdie metode van ontleding nie 'n beduidende verskil in die aard van die twee eksperimentele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n χ^2-waarde van 4.26 is hier verkry.

Volgens die χ^2-tabelle is hierdie waarde onbeduidend d.w.s. daar kan geen beduidende verskil tussen die 2 groepe se response vasgestel word nie.

3. Met betrekking tot die kriterium onveilig-neutraal-veilig:

Die verspreiding van die 2 groepe se response oor hierdie kategorieë was soos volg:

	Onveilig	Neutraal	Veilig	TOTAAL
Voorbereidingsafd.	60	71	9	140
Pakafdeling	58	43	10	111
TOTAAL	118	114	19	251

Die grade van vryheid vir hierdie verdeling is weer = 2. Uit hierdie ontleding is 'n χ^2-waarde van 3.64 verkry. Dit was volgens die χ^2-tabelle onbeduidend sodat hiervolgens geen beduidende verskil tussen die 2 groepe se response se verspreidings oor hierdie kategorieë vasgestel kon word nie.

4. Met betrekking tot die kriterium ontevrede-neutraal-tevrede

Die verspreiding van die 2 groepe se response oor hierdie kategorieë was soos volg:

	Ontevrede	Neutraal	Tevrede	TOTAAL
Voorbereidingsafd.	41	80	19	140
Pakkers	39	56	16	111
TOTAAL	80	136	35	251

Hier het die χ^2-ontleding 'n χ^2-waarde van 1.18 opgelewer. Dit was (g.v. = 2) onbeduidend en volgens hierdie ontleding was daar dus ook nie 'n beduidende verskil tussen die 2 groepe se response se verspreiding oor hierdie kategorieë nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

GEVOLGTREKKINGS UIT ONTLEDING VAN DIE TOTALE RESPONSE

Die volgende gevolgtrekkings kan uit die resultate van die statistiese ontleding tot op hierdie stadium gemaak word:

A. Ontleding van die 2 groepe (gesamentlik) se response

Hierdie ontleding het aangetoon

1. Die 2 groepe het gesamentlik beduidend meer negatiewe as positiewe response gelewer.

2. Dit sou nodig wees om vas te stel hoe die 2 groepe se response vgl. het m.b.t. die komponente van „positief" en „negatief". Om hierdie rede is die ontledings in B gedoen.

B. Ontleding van die 2 groepe se response (afsonderlik)

1. Beide die eksperimentele groepe het as afsonderlike groepe beduidend meer negatiewe as positiewe response gelewer.

2(a) Geen beduidende verskil kan tussen die 2 groepe vasgestel word m.b.t. die hoeveelheid positiewe response deur elke groep gelewer nie en ook nie (b) m.b.t. die hoeveelheid negatiewe response van elke groep nie.

3. Geen beduidende verskil kon tussen die 2 eksperimentele groepe vasgestel word m.b.t. die verspreiding van hulle response oor die kategorieë

(i) Nie-industrieel-neutraal-industrieel
(ii) Agressief-neutraal-onderworpe
(iii) Ontevrede-neutraal-tevrede
(iv) Onveilig-neutraal-veilig nie.

ONTLEDING VAN DIE INDUSTRIELE RESPONSE

Die ondersoek was hoofsaaklik daarop gemik om vas te stel of nywerheidswerkers se vorige ondervinding in en dus hulle houding teenoor die werksituasie deur hulle response op die Kaarte weerspieël sou word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om hierdie rede is besluit om die response wat as industrieel geklassifiseer is, afsonderlik te ontleed omdat die moontlikheid bestaan het dat neigings wat m.b.t. industriële response voorgekom het, sou verskil van neigings wat m.b.t. die nie-industriële response bestaan het, sodat die gesamentlike ontleding van industriële en nie-industriële response moontlik hierdie verskille kon verbloem. (Later is die nie-industriële response ook statisties ontleed).

Die ontleding van die industriële response het langs dieselfde lyne as die ontleding van die industriële en nie-industriële response (gesamentlik) geskied nl.:

A. Ontleding van die 2 groepe se gesamentlike response.
B. Ontleding en vergl. van die 2 groepe se afsonderlike response.

A. <u>Ontleding van die 2 groepe se response (gesamentlik)</u>

Die indeling van die industriële response word in die volgende vorm hierby aangeheg:

1. Indeling van response vir die eks. groep uit die Voorbereidingsafdeling (in getal en % vorm - tabel VI)

2. Indeling van response vir die eks. groep uit die Pakafdeling (in getal en % vorm - tabel VII).

3. Indeling van die 2 groepe se response gesamentlik (in getal en % vorm - tabel VIII).

Vanaf tabel VIII is tabel IX opgestel waarop die hoeveelheid negatiewe en positiewe response weer per kaart aangetoon is (vir die 2 groepe tesame).

Hierdie gegewens is d.m.v. 'n χ^2 ontleding as volg ontleed:

1. 'n χ^2 ontleding is gemaak van die verskil tussen die 2 groepe se negatiewe (agressiewe, onveilige en ontevrede) response en hulle positiewe (onderworpe, veilige, tevrede) response. Alle neutrale response is met die oog op hierdie ontleding dus weggelaat. Die getal negatiewe response was 178 en die getal posi-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

T A B E L VI

ONTLEDING VAN INDUSTRIELE RESPONSE (VBWS.)

KAART NO.	AGRESSIEF	NEUTRAAL	ONDERWORPS	ONVEILIG	NEUTRAAL	VEILIG	ONTEVREDE	NEUTRAAL	TEVREDE	AGRESSIEF %	NEUTRAAL %	ONDERWORPE %	ONVEILIG %	NEUTRAAL %	VEILIG %	ONTEVREDE %	NEUTRAAL %	TEVREDE %	KAART NO.
1	2	5	0	2	5	0	3	4	0	28.6	71.4	0	28.6	71.4	0	42.9	57.1	0	1
2	3	7	0	5	2	3	3	4	3	30	70	0	50	20	30	30	40	30	2
3	1	5	1	4	3	0	2	5	0	14.3	71.4	14.3	57.1	42.9	0	28.6	71.4	0	3
4	4	7	0	6	5	0	5	5	1	36.4	63.6	0	545	45.5	0	36.4	54.5	9.1	4
5	1	7	3	3	7	1	1	7	3	9.1	63.6	27.3	27.3	63.6	9.1	9.1	63.6	27.3	5
6	2	8	1	5	5	1	1	6	4	18.2	72.8	9.1	45.5	45.5	9.1	9.1	54.6	36.4	6
7	1	3	0	1	3	0	1	3	0	25	75	0	25	75	0	25	75	0	7
8	1	9	0	5	4	1	6	3	1	10	90	0	50	40	10	60	30	10	8
10	1	6	0	1	6	0	2	5	2	14.3	85.8	0	14.3	85.8	0	28.6	42.9	28.6	10
11	0	8	0	3	5	0	3	4	1	0	100	0	37.5	62.5	0	37.5	50.0	12.5	11
12	5	6	1	5	7	0	6	6	0	41.7	50.0	8.3	41.7	58.3	0	50	50	0	12
13	0	5	0	1	3	1	0	3	2	0	100	0	20	60	20	0	60	40	13
Tot.	21	76	6	41	55	7	33	54	17										

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

T A B E L VII

ONTLEDING VAN INDUSTRIËLE RESPONSE (PAKKERS)

KAART NO.	AGRESSIEF	NEUTRAAL	ONDERWORPE	ONVEILIG	NEUTRAAL	VEILIG	ONTEVREDE	NEUTRAAL	TEVREDE	AGRESSIEF %	NEUTRAAL %	ONDERWORPE %	ONVEILIG %	NEUTRAAL %	VEILIG %	ONTEVREDE %	NEUTRAAL %	TEVREDE %	KAART NO.
1	1	2	2	1	4	0	2	3	0	20	40	40	20	80	0	40	60	0	1
2	2	2	2	2	2	2	2	2	2	33.3	33.3	33.3	33.3	33.3	33.3	33.3	33.3	33.3	2
3	3	4	1	8	0	0	3	5	0	37.5	50.0	12.5	100	0	0	37.5	62.5	0	3
4	3	6	0	4	4	1	5	3	1	33.3	66.7	0	44.4	44.4	11.1	55.6	33.3	11.1	4
5	1	5	1	3	1	3	2	1	4	14.3	71.4	14.3	42.9	14.3	42.9	28.6	14.3	57.1	5
6	0	8	2	4	5	1	2	7	1	0	80	20	40	50	10	20	70	10	6
7	0	7	0	1	5	1	3	3	1	0	100	0	14.3	71.4	14.3	42.9	42.9	14.3	7
8	1	3	1	1	3	1	3	1	1	20	60	20	20	60	20	60	10	10	8
10	0	3	1	4	0	0	0	4	0	0	75	0	100	0	0	100	0	0	10
11	0	3	0	1	2	0	1	1	1	0	100	0	0	100	0	66.7	0	33.3	11
12	3	3	3	8	1	0	8	1	0	33.3	33.3	33.3	88.9	11.1	0	88.9	11.1	0	12
13	0	2	0	2	0	0	0	2	0	0	100	0	100	0	0	0	100	0	13
Tot	14	48	13	39	27	9	31	33	11										
N	10	10	10	10	10	10	10	10	10										
$\bar{X}$	1.4	4.8	1.3	3.8	2.8	.90	3.2	3.2	1.1										

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

T A B E L VIII

ONTLEDING VAN INDUSTRIËLE RESPONSE (PAKKERS & VBWS.)

KAART NO.	AGRESSIEF	NEUTRAAL	ONDERWORPE	ONVEILIG	NEUTRAAL	VEILIG	ONTEVREDE	NEUTRAAL	TEVREDE	AGRESSIEF %	NEUTRAAL %	ONDERWORPE %	ONVEILIG %	NEUTRAAL %	VEILIG %	ONTEVREDE %	NEUTRAAL %	TEVREDE %	KAART NO.
1	3	7	2	3	9	0	5	7	0	25	58.3	16.6	25	75	0	41.7	58.3	0	1
2	5	9	2	7	4	5	5	6	5	31.3	56.2	12.5	43.8	25	31.3	31.3	37.5	31.3	2
3	4	9	2	12	3	0	5	10	0	26.7	60	13.3	80	20	0	33.3	66.7	0	3
4	7	13	0	10	9	1	10	9	2	35	65	0	50	45	5	45	45	10	4
5	2	12	4	6	8	4	3	8	7	11.1	66.6	22.2	33.3	44.4	22.2	16.7	44.4	38.9	5
6	2	16	3	9	10	2	3	13	5	9.5	76.2	14.3	42.9	47.6	9.5	14.3	61.9	23.8	6
7	1	10	0	2	8	1	4	6	1	9.1	90.9	0	18.2	72.9	9.1	36.4	54.6	9.1	7
8	2	12	1	6	7	2	9	4	2	13.3	80.0	6.7	40	46.7	13.3	60	26.7	13.3	8
9																			
10	1	9	1	5	6	0	2	7	2	9.1	81.8	9.1	45.5	54.5	0	18.2	63.6	18.2	10
11	0	11	0	4	7	0	5	5	2	0	100	0	27.3	72.7	0	45.5	36.4	18.1	11
12	8	9	4	13	8	0	14	7	0	38.1	42.9	19.0	61.9	38.1	0	66.7	33.3	0	12
13	0	7	0	3	3	1	0	5	2	0	100	0	42.9	42.9	14.2	0	71.4	28.6	13
Tot.	35	124	19	80	82	16	65	87	28										

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

T A B E L IX

INDUSTRIELE RESPONS INGEDEEL VOLGENS KAARTE (NEGATIEF - POSITIEF)

KAARTNO.				NEGATIEWE RESP.				POSITIEWE RESP.
	a.	o.v.	v.	X_n	O	V	T	X_p
1	3	3	5	11	2	0	0	2
2	5	7	5	17	2	5	5	12
3	4	12	5	21	2	0	0	2
4	7	10	9	26	0	1	2	3
5	2	6	3	11	4	4	7	15
6	2	9	3	14	3	2	5	10
7	1	2	4	7	0	1	1	2
8	2	6	9	17	1	2	2	5
10	1	5	2	8	1	0	2	3
11	0	3	5	8	0	0	2	2
12	8	13	14	35	4	0	0	4
13	0	3	0	3	0	1	2	3
	35	79	64	178	19	16	28	63
			N	22			N	22
			$\bar{X}$	8.1			$\bar{X}$	2.9

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tiewe response 63. Die verskil hiertussen was dus 115 en dit was beduidend op die 1% grense ('n χ^2-waarde van 55.78 is verkry).

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die 2 groepe gesamentlik, wat industriële response betref, beduidend meer negatiewe as positiewe response gelewer het.

Hierdie ontleding is hierna op soortgelyke wyse verder gevoer m.b.t. die komponente van negatiwiteit en positiwiteit. Hierdie ontledings het die volgende resultate gelewer.

(ii) Die getal agressiewe response was 35 en die getal onderworpe response 19. Die verskil (16) was beduidend op die 5% peil. (χ^2 = 4.74).

(iii) Die getal onveilige response was 79 en die getal veilige response 16. Die verskil (63) was beduidend op die 1% peile (χ^2 = 42.2).

(iv) Die getal „ontevrede" response was 64 en die getal „tevrede" response 28. Die verskil (36) was beduidend op die 1% peil. (χ^2 = 10.12).

Uit die resultate van hierdie ontledings kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

1. Die twee eks. groepe het beduidend meer negatiewe as positiewe response (industriële) gelewer.
2. Die 2 eks. groepe het ook meer
   - (i) Agressiewe as onderworpe
   - (ii) Onveilige as veilige
   - (iii) Ontevrede as tevrede response gelewer wanneer slegs industriële response in ag geneem word.

B. <u>Ontleding van die 2 eksperimentele groepe se response (as aparte groepe)</u>

Soos tevore is die verspreiding van positiewe en negatiewe response vir die 2 groepe hierna afsonderlik ontleed. Hierdie verspreiding word in tabel X aangegee. Op hierdie tabel word aangetoon:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(a) Die verspreiding van negatiewe response per werker (volgens kaarte) vir die eks. groep uit

(i) Die Voorbereidingsafdeling
(ii) Die Pakafdeling

(b) Die verspreiding van positiewe response per werker (volgens kaarte) vir die eks. groep uit

(i) Die Voorbereidingsafdeling
(ii) Die Pakafdeling

Uit hierdie verspreidings is bereken:

(a) Gem. aantal negatiewe response per week vir

(i) Die eks. groep uit die Vb.afdeling
(ii) Die eks. groep uit die Pakafdeling

(b) Gem. aantal positiewe response per werker vir

(i) Die eks. groep uit die Vb.afdeling
(ii) Die eks. groep uit die Pakafdeling

Hierdie gemiddeldes kan as volg opgesom word:

GROEP	GEM. NEG.	GEM. POS.	VERSKIL
Voorbereidingsaf.	7.9	2.5	5.4 (i)
Pakafdeling	8.5	3.3	5.2 (ii)
VERSKIL	.6 (iii)	.8 (iv)	

Die verskille tussen hierdie gemiddeldes ((i), (ii), (iii), (iv)) is hierna vir beduidendheid getoets met die t-toets. Die resultate van hierdie toets kan as volg opgesom word.

(i) Verskil (i) was betroubaar op die 1% peile ($t = 3.16$, grade van vryheid = 22.)

(ii) Verskil (ii) was betroubaar op die 1% peile ($t = 3.4$, grade van vryheid = 18).

(iii) Verskil (iii) was nie betroubaar nie ($t = .29$, grade van vryheid = 20).

(iv) Verskil (iv) was nie betroubaar nie ($t = .78$, grade van vryheid = 20).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie resultate het dus aangedui dat daar

1. By beide groepe beduidend meer negatiewe response voorgekom het as positiewe response. Soos tevore aangedui het die 2 groepe gesamentlik geneem ook beduidend meer negatiewe as positiewe response getoon. Wanneer die 2 groepe as afsonderlike eenhede beskou word, was dieselfde vir elke groep waar.

2. Geen beduidende verskil kon tussen die 2 eksperimentele groepe vasgestel word m.b.t. die hoeveelheid positiewe en negatiewe response wat elke groep gelewer het nie.

Die resultate wat uit die bostaande ontledings geblyk het, het dit nodig gemaak dat verder ontleed sou word of die twee eksperimentele groepe nie beduidend verskil het m.b.t. die komponente van die begrippe negatief en positief nie. Vir die doel is gebruik gemaak van χ^2 ontledings soos in die volgende gedeelte beskrywe sal word.

Hierdie ontleding is m.b.t. die verspreiding van die 2 groepe se response oor die volgende kategorieë gedoen.

1. Agressief, neutraal, onderworpe.

Die verspreiding van die 2 eks. groepe oor hierdie kategorieë was soos volg.

	AGRESSIEF	NEUTRAAL	ONDERWORPE	TOTAAL
Vbws.	21	76	6	103
Pakkers	14	48	13	75
Totaal	35	124	19	178

Uit hierdie ontleding is 'n χ^2-waarde van 6.05 verkry. Die grade van vryheid was hier = 2 en hierdie waarde van X^2 is dus as beduidend beskou op die 5% peil.

2. Onveilig, neutraal, veilig.

In hierdie geval was die verspreiding van die 2 eksperimentele groepe se response as volg:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	ONVEILIG	NEUTRAAL	VEILIG	TOTAAL
Vbws.	41	55	7	103
Pakkers	39	27	9	75
Totaal	80	82	16	178

Die grade van vryheid was hier weer = 2 en 'n χ^2-waarde van 5.00 is uit hierdie ontleding verkry. Hierdie waarde was onbeduidend maar tog redelik naby die grens vir beduidendheid op die 5% grense nl. 5.991. Om hierdie rede is besluit om die verspreiding van response oor hierdie kategorieë verder te ontleed.

Vir dié doel is die verspreiding van die response op die verskillende kaarte oor hierdie kategorieë geïnspekteer. Hierdie inspeksie het getoon dat Kaarte 1, 7 en 11 m.b.t. hierdie kriterium relatief baie neutrale response uitgelok het en dus nie as besonder geskik vir die meting van veiligheid of onveiligheid beskou kon word nie.

Om hierdie rede is 'n χ^2-ontleding m.b.t. hierdie kategorieë gemaak waarin die response op Kaarte 1,7 en 11 weggelaat is.

Die verdeling van die 2 groepe se response oor hierdie kategorieë het in dié geval soos volg gelyk.

	ONVEILIG	NEUTRAAL	VEILIG	TOTAAL
Voorbereidingswerkers	35	42	7	84
Pakkers	36	16	8	60
TOTAAL	71	58	15	144

In hierdie geval was g.v. = 2 en χ^2 = 7.97. Hierdie waarde van χ^2 was beduidend op die 2% peil en hierdie resultaat kan moontlik as aanduiding dien dat 'n verskil tussen die twee groepe se response m.b.t. die genoemde kategorieë wel bestaan het. Die resultaat is, met die oog op die seleksie van response wat hier gedoen is, egter nie betroubaar nie en dit word hier ingevoeg slegs omdat informasie wat uit die onderhoude met die werksters verkry is, op so'n verskil tussen die 2 groepe gedui het. Hierna sal later weer verwys word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. Ontevrede, Neutraal, Tevrede

Die verspreiding van die 2 eks. groepe se response oor hierdie kategorieë was soos volg:

	ONTEVREDE	NEUTRAAL	TEVREDE	TOTAAL
Voorbews.	33	54	17	104
Pakkers	31	33	11	75
TOTAAL	64	87	28	179

Hier is, by ontleding, 'n χ^2-waarde van 1.79 verkry. Met g.v. = 2 was hierdie waarde onbeduidend.

Die resultate wat uit bogenoemde ontledings verkry is, kan as volg opgesom word:

A. Geen beduidende verskil kan tussen die 2 eks. groepe se response aangetoon word m.b.t. die verdeling negatief-positief nie.

B. Wanneer hierdie begrippe (negatief en positief) in hul komponente opgebreek word, word die volgende gevind.

(i) Wanneer die 2 groepe se response se verspreiding oor die klasse agressief, neutraal, onderworpe vergelyk word, word 'n statisties beduidende verskil (op die 5% peile) tussen die 2 eksperimentele groepe vasgestel. Inspeksie van die werklike verspreidings toon:

(a) Die eks. groep uit die Vb.afdeling het gemiddeld meer neutrale response per werker gelewer as die eks. groep uit die Pakafdeling. (6.33 teenoor 4.8)

(b) Die eks. groep uit die Pakafdeling het gemiddeld meer onderworpe response gelewer as die eks. groep uit die Voorbereidingsafdeling (1.3 teenoor .5).

(c) Die eks. groep uit die Voorbereidingsafdeling het gemiddeld meer agressiewe response gelewer as die eks. groep uit die Pakafdeling (1.75 teenoor 1.4).

Uit bostaande feite kan die gevolgtrekking gemaak word dat die eks. groep uit die Voorbereidingsafdeling meer agressief en minder onderworpe was as die eks. groep uit die Pakafdeling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die feit dat die eks. groep uit die Voorbereidingsafdeling gemiddeld meer neutrale response gelewer het as die eks. groep uit die Pakafdeling dui daarop dat die stel kaarte waarskynlik meer emosionele reaksie by lg. groep uitgelok het - 'n verskynsel wat ook m.b.t. ander kriteria opgemerk is.

(ii) Wanneer 'n vergelyking gemaak word van die verspreiding van die 2 groepe se response oor die klasse onveilig, neutraal, veilig kan, wanneer die response op al die kaarte in ag geneem word geen beduidende verskil tussen die verspreidings van die 2 groepe se response vasgestel word nie. Wanneer die kaarte wat nie duidelik differensieer tussen onveiligheid en veiligheid nie uit die ontleding weggelaat word, word 'n beduidende verskil tussen die verspreidings van die 2 groepe se response oor die genoemde kategorieë wel waargeneem. Inspeksie van die verspreidings toon:

(a) Die gemiddelde hoeveelheid onveilige response per werker in die Pakafdeling is 3.6 teenoor 2.9 by die Vb.afdeling (onderskeidelik 3.9 en 3.4 voor weglating van die response op Kaarte 1, 7 en 11).

(b) Die gemiddelde hoeveelheid neutrale response per werker by die onderskeie afdelings is 3.6 by die Vb.afdeling en 1.6 by die Pakafdeling (onderskeidelik 4.6 en 2.7 voor weglating van die response op Kaarte 1, 7 & 11).

(c) Die gemiddelde hoeveelheid veilige response per werker in die Pakafdeling is .80 teenoor .60 in die Vb.afdeling (onderskeidelik .9 en .6 voor weglating van die response op Kaarte 1, 7 en 11).

Uit hierdie inspeksie word die gevolgtrekking dus gemaak dat daar aanduidings is dat daar 'n beduidende verskil tussen die 2 groepe se response se verspreiding oor hierdie kategorieë bestaan het. Hierdie verspreidings het veral daarin verskil dat meer neutrale response deur die Kaarte by die eks. groep uit Vb,afdeling uitgelok is as by die eks. groep uit die Pakafdeling. Die eks. groep uit die Pakafdeling het meer onveilige response en minder veilige response getoon as die eks. groep uit die Vb.afdeling. Die afdeling kan dus uit hierdie inspeksie gemaak word dat dit <u>moontlik</u> is dat daar wel 'n verskil in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die 2 groepe se response oor hierdie kategorieë bestaan het.

Uit die ontleding van die industriële response blyk dus dat beide groepe negatief ingestel was teenoor die industriële situasie waarin hulle hulself bevind het.

Hierdie negatiwiteit het in die eks. groep uit die Voorbereidingsafdeling relatief sterker tot uiting gekom in agressiwiteit en by die eks. groep uit die Pakafdeling moontlik meer in onveiligheid. Hierdie moontlikheid sal verder gesteun word deur informasie wat d.m.v. die tweede ondersoekmetode nl. onderhoude verkry is.

Die feit dat daar geen beduidende verskil (of neiging daartoe) in die verspreiding van die 2 eks. groepe se response oor die klasse ontevrede, neutraal, tevrede vasgestel kon word nie, is beskou as 'n aanduiding dat hierdie kriterium 'n breër veld dek en daarom geen beduidende verskil tussen die twee groepe aandui nie. Dit word gestaaf deur die feit dat daar geen beduidende verskil tussen die 2 groepe vasgestel kon word m.b.t. mate van negatiwiteit en positiwiteit soos tevore beskrywe nie. Beide hierdie begrippe (ontevrede en tevrede) is breë begrippe wat by benadering dieselfde aandui as tevredenheid en ontevredenheid.

In die volgende hoofstuk sal nagegaan word of die resultate wat in hierdie afdeling verkry is, gestaaf kan word d.m.v. informasie wat uit onderhoude met die lede van die eks. groepe verkry is.

3. Ontleding van die nie-industriële response

Die verdeling van die nie-indusriële response oor die verskillende kategorieë word in tabelle XI, XII en XIII aangetoon vir

(i) Die 2 eks. groepe afsonderlik en

(ii) die 2 eks. groepe as een geheel.

Hierna is hierdie response op dieselfde wyse as die industriële response ontleed.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ONTLEDING VAN NIE-INDUSTRIËLE RESPONSE (VBWS.)

KAART NO.	AGRESSIEF	NEUTRAAL	ONDERWORPE	ONVEILIG	NEUTRAAL	VEILIG	ONTEVREDE	NEUTRAAL	TEVREDE	AGRESSIEF %	NEUTRAAL %	ONDERWORPE %	ONVEILIG %	NEUTRAAL %	VEILIG %	ONTEVREDE %	NEUTRAAL %	TEVREDE %	KAART NO.
1	1	4	0	3	2	0	1	4	0										
2	1	1	0	2	0	0	1	1	0										
3	0	4	1	5	0	0	0	5	0										
4	0	1	0	1	0	0	0	1	0										
5	0	1	0	0	1	0	0	1	0										
6	0	1	0	0	1	0	0	1	0										
7	1	7	0	2	5	1	3	4	1										
8	0	2	0	1	1	0	0	2	0										
9																			
10	0	2	2	0	3	1	1	2	1										
11	0	4	0	1	3	0	2	2	0										
12	0	0	0	0	0	0	0	0	0										
13	0	4	0	4	0	0	0	4	0										
	3	31	3	19	16	2	8	27	2										

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ONTLEDING VAN NIE-INDUSTRIËLE RESPONSE (PAKKERS)

KAART NO.	AGRESSIEF	NEUTRAAL	ONDERWORPE	ONVEILIG	NEUTRAAL	VEILIG	ONTEVREDE	NEUTRAAL	TEVREDE
1	3	2	0	4	1	0	2	3	0
2	1	1	1	2	1	0	1	2	0
3	0	2	0	1	1	0	0	2	0
4	0	0	0	0	0	0	0	0	0
5	0	1	1	2	0	0	0	2	0
6	0	0	0	0	0	0	0	0	0
7	1	2	0	3	0	0	2	1	0
8	1	4	0	1	4	0	0	3	2
9									
10	0	4	0	0	4	0	2	2	0
11	0	6	0	2	3	1	1	3	2
12	0	1	0	0	1	0	0	0	1
13	0	5	0	4	1	0	0	5	0
	6	28	2	19	16	1	8	23	5

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ONTLEDING VAN NIE-INDUSTRIËLE RESPONSE (NEGATIEF-POSITIEF) PER KAART (PAKKERS & VOORBEREIDINGSWERKERS TESAME)

KAART NO.	NEGATIEWE RESPONSE				POSITIEWE RESPONSE			
	a.	o.	o.t.	X	o.	v.	t.	X
1	1	3	1	5	0	0	0	0
2	1	2	1	4	0	0	0	0
3	0	5	0	5	1	0	0	1
4	0	1	0	1	0	0	0	0
5	0	0	0	0	0	0	0	0
6	0	0	0	0	0	0	0	0
7	1	2	3	6	0	1	1	2
8	0	1	0	1	0	0	0	0
10	0	0	1	1	2	1	1	4
11	0	1	2	3	0	0	0	0
12	0	0	0	0	0	0	0	0
13	0	4	0	4	0	0	0	0
	3	19	8	30	3	2	2	7

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

A. Vir die 2 groepe gesamentlik

(i) Die 2 groepe het tesame 30 negatiewe en 7 positiewe response gelewer. Die verskil (23) is d.m.v. χ^2 vir beduidendheid getoets. Hieruit is 'n χ^2-waarde van 14.84 verkry. Dit is beduidend op die 1% peil.

(ii) Die ontleding is verder gevoer sodat die verspreiding oor die komponente van negatiewe en positiewe response ook bereken is.

1. Die 2 groepe het eweveel agressiewe as onderworpe response gelewer (3 elk).

2. Die 2 groepe het 19 onveilige en 2 veilige response gelewer. Die verskil (17) is d.m.v. χ^2 vir beduidendheid getoets. 'n χ^2-waarde van 13.8 is verkry. Dit was beduidend op die 1% peil.

3. Die 2 groepe het 8 ontevrede en 2 tevrede response gelewer. Die verskil (6) is d.m.v. χ^2 vir beduidendheid getoets. 'n χ^2-waarde van 3.6 is verkry. Dit was onbeduidend.

Die gevolgtrekkings wat uit hierdie ontleding gemaak kan word, is:

1. Die 2 groepe het saam beduidend meer negatiewe as positiewe response gelewer.

2. Die verskil tussen die hoeveelheid negatiewe en positiewe response was hoofsaaklik die gevolg van die verskil in die hoeveelheid onveilige en veilige response wat deur die 2 groepe gelewer is. Dit blyk hieruit dat daar in die 2 groepe se nie-industriële lewe redes bestaan het waarom hulle onveilig sou gevoel het. Hierop word in Hoofstuk 5 verder ingegaan.

B. Vir die 2 groepe afsonderlik

Die verspreiding van die twee groepe se response is hierna vir die verskillende kriteria met behulp van χ^2 verder ontleed.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. Die verspreiding van die 2 groepe se response oor die klasse agressief, neutraal, onderworpe word hieronder getoon.

	AGRESSIEF	NEUTRAAL	ONDERWORPE	TOTAAL
Vbws.	3	31	3	37
Pakkers	6	28	2	36
TOTAAL	9	59	5	73

'n χ^2-waarde van 1.42 is verkry. Dit was onbeduidend. (g.v. = 2)

2. Die verspreiding van die 2 groepe se response oor die klasse onveilig, neutraal, veilig was:

	ONVEILIG	NEUTRAAL	VEILIG	TOTAAL
Vbws.	19	16	2	37
Pakkers	19	16	1	36
TOTAAL	38	32	3	73

'n χ^2-waarde van .34 is uit hierdie ontleding verkry. Dit was onbeduidend. (g.v. = 2).

3. Die verspreiding oor die klasse ontevrede-neutraal-tevrede was:

	ONTEVREDE	NEUTRAAL	TEVREDE	TOTAAL	
Voorbereidingsw.	8	27	2	37	g.v. = 2
Pakkers	8	23	5	36	χ^2 = 1.51
TOTAAL	16	50	7	73	Onbeduidend

4. 'n Indeling van die response as negatief-positief was:

	NEGATIEF	NEUTRAAL	POSITIEF	TOTAAL
Vbws.	30	74	7	111
Pakkers	33	67	8	108
TOTAAL	63	141	15	119

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit hierdie verspreiding is 'n χ^2-waarde van .50 verkry. Die grade van vryheid was 2 en hierdie waarde was dus onbeduidend.

Die resultate wat verkry is uit die ontleding van die nie-industriële response kom dus op die volgende neer:

1. Die 2 groepe gesamentlik het beduidend meer negatiewe as positiewe response gelewer.

2. Wanneer die begrippe negatiewe en positiewe response in hulle onderdele opgebreek word, word gevind dat die resultaat in (1) vervat die gevolg was van 'n beduidende verskil in die hoeveelheid veilige en onveilige response. M.b.t. die ander klasse kon geen beduidende verskil vasgestel word nie.

3. Die χ^2 ontledings toon dat die twee groepe m.b.t. die verskillende kriteria i.v. waarmee hier getoets is, nie beduidend verskil het nie.

4. Uit bostaande gevolgtrekkings volg dan dat beide groepe beduidend meer negatiewe as positiewe response gelewer het m.a.w. beide groepe (as afsonderlike groepe) se response was beduidend meer negatief as positief.

.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYVOEGSEL : VOORBEELDE VAN RESPONSE EN INDELING IN KATEGORIEË

KAART: No. 1

WERKSTER: Voorbereidingswerkster No. 5.

RESPONS: Iets wat iemand kan bangmaak. Iemand kan bang word of gaan word. Prentjie is nie aangenaam nie. Die gesig lyk of dit mens laat snaaks voel omdat die man nie persoonlik lyk nie.

Die man wil by die deur ingaan. Die mense sal bang word as hulle hom sien.

INDELING:
(i) Neutraal (Agressief-neutraal-onderworpe)
(ii) Onveilig (Onveilig-neutraal-veilig)
(iii) Neutraal (Tevrede-neutraal-ontevrede)
(iv) Nie-industrieel (Nie-industrieel-onseker-industrieel)

KAART: No. 4

WERKSTER: Voorbereidingswerkster No. 1.

RESPONS: Die man lyk of hy die eerste maal by die plek instap. Die ander twee is ou werkers en nou staan hulle en gis oor watter-soort voorman hy sal wees - hoe hy sal wees, waar hy vandaan en hoe hy sal wees teenoor hulle. Die een dink hy sal goed wees - die ander sê hulle weet nie of hy 'n goeie man sal wees nie. As die voorman vir hulle goed is, sal dit goed gaan.

INDELING:
(i) Neutraal (Agressie-neutraal-onderworpe)
(ii) Onveilig (Onveiligheid-neutraal-veilig)
(iii) Neutraal (Ontevrede-neutraal-tevrede)
(iv) Industrieel (Nie-industrieel-onseker-industrieel)

KAART: No. 4

WERKSTER NO.: Voorbereidingswerkster No. 2.

RESPONS: Dis twee werkers en 'n werkgewer. Die werkgewer het hulle iets aangedoen wat baie sleg was. Hy het hulle iets

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedoen wat glad nie goed was nie. Nou het hy uitgestap in die straat en hulle praat oor iets baie ernstig wat hulle aan hom gaan doen. Hy weet glad nie daarvan nie en dink ook nie daaraan nie. Moontlik staan sy lewe nog in gevaar.

INDELING:

(i)	Agressief	(Agressief-neutraal-onderworpe)
(ii)	Onveilig	(Onveiligheid-neutraal-veiligheid)
(iii)	Ontevrede	(Ontevredenheid-neutraal-tevrede)
(iv)	Industrieel	(Nie-industrieel-onseker-industrieel)

KAART NO.: 5

WERKSTER: Pakker No. 5

RESPONS: Baas sit in kantoor. Ander is een van die werker wat klagte bring vir die baas. Iets het verkeerd geloop met hom. Hy kom nou by die hoofbaas rapport gee. Hy dink die een wat agter die tafel sit moet hom help want hy is reg. Die baas dink dat dit onmoontlik is om hom te help want hy (die werker) het dalk die fout begaan. Baas sit en dink of hy hom moet help of hoe. Miskien sal die hoofbaas by die werker se baas gaan uitvind wat gebeur het in die werk. As die werker reg het, sal die hoofbaas met sy baas praat. As die werker verkeerd is, sal hy weggejaag word, sal hy moet loop.

INDELING:

(i)	Neutraal	(Agressief-neutraal-onderworpe)
(ii)	Onveilig	(Onveilig-neutraal-veilig)
(iii)	Ontevrede	(Ontevrede-neutraal-tevrede)
(iv)	Industrieel	(Nie-industrieel-onseker-industrieel)

.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK V : VERGELYKING VAN INFORMASIE UIT ONDERHOUDE VERKRY MET RESULTATE VERKRY UIT STATISTIESE ONTLEDING VAN DIE RESPONSE

Die belangrikste resultate wat verkry is uit die statistiese ontleding van die response kan soos volg opgesom word:

A. Waar die twee eksperimentele groepe as enkele eenheid beskou is:

Daar is gevind dat beduidend

(i) Meer negatiewe as positiewe response (m.b.t. alle response, slegs industriële response en slegs nie-industriële response).

(ii) meer agressie (m.b.t. industriële response)

(iii) meer onveiligheid (m.b.t. industriële en nie-industriële response)

(iv) meer ontevredenheid (m.b.t. industriële response) deur die 2 groepe as geheel getoon is.

B. Waar die twee eksperimentele groepe as aparte eenhede beskou is:

Hier is die volgende beduidende verskille gevind:

(i) Beide groepe toon meer negatiewe as positiewe response (m.b.t. totale, industriële en nie-industriële response)

(ii) Die eks. groep uit die Voorbereidingsafdeling toon meer agressie as die eks. groep uit die pakafdeling. (m.b.t. industriële response)

(iii) Die eks. groep uit die pakafdeling toon moontlik meer onveilige response as die eks. groep uit die Voorbereidingsafdeling. (m.b.t. industriële response)

Uit hierdie resultate kan die volgende veralgemenings gemaak word.

1. Dit was duidelik dat in die response as geheel baie negatiwiteit (onveiligheid, agressie en ontevredenheid) te bespeur is.

2. Wanneer slegs aandag gegee word aan die industriële response word gevind dat as

(a) die twee groepe se gesamentlike response ondersoek word hierdie negatiewe response tot uiting kom in onveiligheid en ontevredenheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) die afsonderlike groepe se response ondersoek word, kom die negatiwiteit tot uiting in agressie by die Voorbereidingsafdeling en aanduidings word gevind dat onveiligheid by die Pakafdeling se eks. groep die vernaamste uitingsvorm van negatiwiteit kan wees.

Hieruit blyk dit dat daar, naas ooreenkomste tussen die groepe ook verskille tussen die 2 groepe bestaan het.

Hierdie verskynsels sal vergelyk word met die informasie wat verkry is uit onderhoude met die lede van die eksperimentele groepe en waarnemings wat in die fabriek gemaak is.

3. Die nie-industriële response toon hoofsaaklik onveiligheid by beide groepe aan. Ook dit sal vergelyk word met informasie wat op ander maniere verkry is.

Die onderhoude en waarnemings het plaasgevind soos in Hoofstuk 3 beskrywe nl. 'n voorlopige kennismaking met elke eksperimentele groep en opvolgingsonderhoude met die lede van die eksperimentele groepe nadat die response op die toets verkry is.

Die informasie wat uit die onderhoude en waarnemings verkry is, sal onder ongeveer dieselfde hoofde opgesom word as dié waarvolgens die response ontleed is.

A. ONTEVREDENHEID-TEVREDENHEID

(a) In die eksperimentele groep uit die Voorbereidingsafdeling.

Hierdie groep was ontevrede oor die volgende:

1. Voorvrou

Die groep het nie van hulle voorvrou gehou nie omdat

(i) sy haar meerderwaardig teenoor hulle gedra het en nie eenders teenoor almal opgetree het nie. Die werksters in hierdie groep was hoofsaaklik ouer en ervare werksters en etlike van hulle het tevore reeds as voorvroue opgetree. Hulle het almal gemeen dat die voorvrou nie haar posisie verdien het nie en dat sy nie die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

reg gehad het om "baas te speel" oor hulle nie.

(ii) Die voorvrou al die afdankings moes doen. In die betrokke onderneming is afdanking en tydelike skorsing baie algemeen aangewend as strafmaatreëls. Dit het, volgens die werksters egter baie minder in die Voorbereidingsafdeling voorgekom as bv. in die Pakafdeling. Die werksters het as rede hiervoor gesien die feit dat hulle voorman nie van hierdie tugmaatreëls gehou het nie. Hy het dit, volgens hulle, nooit toegepas nie en sou slegs in uitsonderlike gevalle aan die voorvrou sê om 'n werkster af te dank. Dit het dan aanleiding gegee tot 'n geloof onder die werksters dat die voorvrou daarvan hou om mense af te dank. Hulle was haar dus glad nie goedgesind nie, ook omdat hulle gemeen het dat sy soms vir die voorman aangehits het om haar die reg te gee om mense af te dank. As geheel het die groep egter nie afdanking gevrees nie omdat hulle op "vriendskaplike" voet met die voorvrou verkeer het en boonop almal permanente en gereelde werksters was wat gemiddelde of bo-gemiddelde produksie gelewer het. Hulle was m.a.w. eintlik nie goedgesind teenoor die voorvrou nie omdat hulle bewus was van die feit dat sy teenoor ander werksters uit die afdeling sou diskrimineer hoewel sy dit nie teenoor hulle sou doen nie a.g.v. hulle status as ervare en vertroude werksters.

Hierdie houding wat teenoor die voorvrou bestaan het, het waarskynlik bygedra tot die mate van agressiwiteit wat die werksters getoon het. Hieroor sal later meer gesê word.

2. LONE EN WERKSURE

Oor die algemeen was die werksters nie ontevrede oor die loonskale wat op hulle van toepassing was nie. Hulle het almal verklaar dat fabriekswerk baie meer lonend was as bv. werk as huisbediendes. Almal het egter gekla oor die lang werksure wat op hulle van toepassing was.

Die werksters was egter feitlik almal ontevrede omdat hulle lone dikwels verkeerd bereken is. Hulle was ook baie ontevrede oor die behandeling wat hulle van die personeel in die admini-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stratiewe (loon) kantoor gekry het wanneer hulle op foute in hulle ontvange loon sou wys. Hulle het beweer dat hierdie personeel met opset probeer om hulle te bedrieg en dat hulle daarom onbeleefd behandel is.

Dat ook hierdie frustrasie kon oorgaan in agressie is verstaanbaar as die omstandighede en opvoedingspeil van die groep werksters in ag geneem word.

Die eksperimentele groep uit hierdie afdeling was tevrede met en goedgesind teenoor

1. Die voorman

Al die werksters was besonder goedgesind teenoor hulle voorman. Hiervoor was daar twee redes:

(i) Hy het die toesigwerk in 'n groot mate aan die voorvrou oorgelaat (m.b.t. die eksperimentele groep se werk). Soos reeds gesê was hierdie groep ouer, ervare en vertroude werkers sodat die voorman nie veel aandag aan hulle werk bestee het nie en meer aandag gegee het aan die ander werksters (soms tot 500) in die Voorbereidingsafdeling.

Omdat die voorman nie streng toesig gehou het nie en slegs af en toe 'n werkster uit hierdie groep op foute gewys het, het die werksters egter ook gevoel dat hulle wanneer hulle so sou voel argumente met die voorman sou kon aanknoop. A.g.v. sy persoonlikheid het hulle ook dikwels gevoel dat hulle argumente met hom "gewen" het daar hy dikwels 'n argument gewonne sou gee en die saak aan die voorvrou sou oorlaat.

(ii) Hierdie voorman het, soos gesê, selde van afdanking as strafmaatreëls gebruik gemaak. Om hierdie rede was hy dan ook gewild by die werksters, wat gewoond was aan die vrye gebruik van afdanking as tugmaatreël deur ander (vorige) voormanne.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Die werk in die Voorbereidingsafdeling

Daar het 'n algemene goeie gesindheid teenoor die voorbereidingswerk bestaan. Die redes hiervoor kan as volg opgesom word:

(i) Die werksters het verklaar dat hulle die werk makliker vind as werk in die pakafdeling. Dit is ook algemeen in die fabriek erken dat die werk in die Voorbereidingsafdeling eenvoudiger was en makliker aangeleer kon word.

(ii) Die werksters was die voormanne en voorvroue in die pakafdeling nie goedgesind nie a.g.v. strafmaatreëls (skorsing) wat tevore op hulle toegepas is toe hulle daar gewerk het.

(iii) Die voorbereidingswerksters het gevoel dat hulle eerder in die Voorbereidingsafdeling wou werk omdat hulle daar meer inkomste verdien het as wat hulle in die pakafdeling kon regkry.

(iv) Die werksters het die Voorbereidingsafdeling verkies omdat die werksure in dié afdeling korter was as in die pakafdeling.

(v) Die werksters het ook gevoel dat hulle as ervare en permanente werksters 'n vertrouensposisie beklee het en die leiding kon gee m.b.t. produksie en optrede teenoor beslissings van die bestuur. Dit het moontlik aanleiding gegee tot 'n mate van agressiwiteit by hierdie groep.

(b) In die eksperimentele groep uit die Pakafdeling

Hierdie eksperimentele groep was ontevrede oor die volgende:

1. Die voorvrou

Die eksperimentele groep (gewone werksters) het nie van hulle voorvrou gehou nie omdat

(i) volgens hulle sy nie bekwamer was as hulle nie maar tog die indruk probeer skep het dat sy baie meer weet as hulle

(ii) en die werksters verklaar het dat die voorvrou baie onbeleefd teenoor hulle opgetree het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Die Afdelingshoof

Die eksperimentele groep was nie goedgesind teenoor hierdie persoon nie omdat

(i) Hulle beweer het hy is onbeleefd teenoor hulle

(ii) en dat hy baie vrye gebruik van afdanking en skorsing as strafmaatreëls sou gemaak het. Soos later aangetoon, sou dit ook lei tot 'n baie sterk gevoel van onveiligheid onder die werksters.

(iii) hy volgens die werksters baie streng toesig gehou het.

3. Lone en werksure

(i) Die eksperimentele groep het gemeen hulle lone is te laag en dat hulle uitgebuit word deur hulle werkgewers wat hulle as „goedkoop arbeid" wou gebruik.

(ii) Sommige lede van die groep het tevore die ondervinding gehad dat hulle stukwerkverdienste te laag bereken is. Hulle het verklaar dat dit met opset gedoen is en deel is van die uitbuiting wat hulle ondervind het.

(iii) Al die werksters het gekla oor die lang werksure wat op hulle van toepassing was. Hierdie ure was langer as in die Voorbereidingsafdeling waar die werksters ook oor vermoeidheid a.g.v. lang werksure gekla het, dog geredelik erken het dat die toestand in die Pakafdeling gedurende die vrugteseisoen nog onaangenamer was.

Die eksperimentele groep uit hierdie afdeling was goedgesind teenoor

1. Die voorman

Die werksters was hulle voorman goedgesind omdat hy

(i) nie baie streng toesig gehou het nie

(ii) altyd bereid was om hulle met hulle probleme te help, selfs waar dit nie direkte verband met hulle werk gehad het nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(iii) hy nie so vryelik soos die afdelingshoof van ontslag gebruik gemaak het nie.

2. Die werk in die pakafdeling

Die meerderheid van die werksters het verklaar dat hulle eerder in die pakafdeling wou werk as bv. in die Voorbereidingsafdeling. Die rede wat hulle aangevoer het, was dat hulle nie onder 'n ander voorman wou werk nie en hierdie feite hou dus verband met wat i.v.m. die werksters se houding teenoor hulle voorman gesê is.

B. AGRESSIE-ONDERWORPENHEID

(a) By die eksperimentele groep uit die Voorbereidingsafdeling.

By hierdie eksperimentele groep het dit uit die onderhoude en waarnemings duidelik geblyk dat hulle besonder agressief geneig was teenoor die bestuur van die onderneming in die algemeen en die voorman en voorvrou in die besonder. Dit het by verskillende geleenthede geblyk dat hierdie groep met stakings, sloerstakings, ens. gedreig het oor geringe veranderinge wat bv. in loonskale of metode van loonberekening aangebring is. Die werksters het almal ook verklaar dat hulle in die verlede al sukses behaal het met stakings oor sake waaroor hulle effens ontevrede was.

Die redes vir hierdie neiging tot agressiwiteit kan as volg saamgevat word:

(i) Die werksters het uit 'n baie lae sosio-ekonomiese klas gekom en hierdie feit kon moontlik daartoe bygedra het dat hulle as oplossing vir hulle probleme agressie sou verkies bo ander metodes.

(ii) Ander bydraende faktore was die persoonlikheidseienskappe van die groep se voorman en die feit dat hy die grootste gedeelte van sy pligte (wat hierdie groep betref) aan die voorvrou oorgedra het. Soos reeds tevore beskryf, het hierdie groep werksters die voorvrou as hulle gelyke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beskou en het sy ook nie baie streng oor hulle as 'n groep toesig gehou nie. Die voorvrou was ook ongewild omdat sy die werksters in vorige stakings aan die bestuur "verraai" het en hulle nie wou steun nie. Omdat die werksters tog sukses gehad het met sulke stakings het hulle gemeen dat hulle vir "haar (die voorvrou) kon baasraak."

(b) By die eksperimentele groep uit die pakafdeling

Dit was nie moontlik om op grond van die onderhoude wat gevoer is en waarnemings wat gemaak is te verklaar dat hierdie eksperimentele groepe oorheersend agressief of oorheersend onderworpe was nie.

Sommige van die lede van hierdie groep het tekens getoon dat hulle agressief sou wou optree, hoofsaaklik a.g.v. hulle houding teenoor hulle afdelingshoof. Hierdie werksters het dikwels melding gemaak van pogings om te staak, sloerstakings, ens. uit te voer. Dieselfde werksters het egter verklaar dat hulle dit nooit sou doen nie uit vrees dat hulle nooit weer in diensgeneem sou word nie. Die ander lede van hierdie groep het ook melding gemaak van bv. stakings maar soos die ander gesê dat dit tog nie die moeite werd sou wees nie, dat hulle in die tronk sou beland of hulle werk sou verloor.

As gevolgtrekking sou dit gemaak kon word dat hierdie groep nie beduidend meer agressie as onderworpenheid getoon het nie. Hoewel hulle miskien soms agressiewe gevoelens gekoester het, het hulle as groep te onveilig gevoel om werklik agressief te reageer.

C. VEILIGHEID-ONVEILIGHEID

(a) By die eksperimentele groep uit die Voorbereidingsafdeling

By hierdie groep was daar m.b.t. die werksituasie waarin

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle hul bevind het, nie tekens van 'n gevoel van veiligheid of onveiligheid nie. Die werksters het verklaar dat in hulle afdeling 'n werkster nie maklik afgedank sou word nie. Volgens hulle het dit in die pakafdeling wel baie gebeur en die van hulle wat al daar gewerk het (werksters is taamlik dikwels uitgeruil) het dit o.a. aangevoer as een van die redes waarom hulle bang was om bv. maklik te begin staak. Hulle het nl. verklaar dat hulle dalk dieselfde behandeling kon ontvang as die groep uit die pakafdeling.

Toesig in die Voorbereidingsafdeling was, soos reeds meermale gesê, nie baie streng nie en die werksters het, sover vasgestel kon word, nie juis onveilig gevoel omtrent hulle werk nie. In die Pakafdeling was die situasie baie anders.

(b) M.b.t. die eksperimentele groep uit die pakafdeling

Hierdie groep het sonder een uitsondering onveilig gevoel en wel a.g.v. die volgende redes:

1. Die vrye gebruik van afdanking en skorsing as tugmaatreëls het die werksters baie onveilig laat voel. Hulle het boonop verklaar dat dit in hierdie afdeling die gebruik was dat, as een werkster 'n fout sou maak, 'n hele "paktafel" (bestaande uit 12 werksters) afgedank sou word.

2. Baie streng toesig was 'n ander rede wat tot onveiligheid aanleiding gegee het - dit hang ook saam met (1).

3. Ander redes wat moontlik ook kon bestaan, is nie hier ter sake nie (Sien Voorwoord).

(c) M.b.t. die twee eksperimentele groepe se persoonlike lewes.

Daar sal onthou word dat die statistiese ontleding van die response aanduidings gegee het dat daar 'n gevoel van onveiligheid kon bestaan het by beide groepe m.b.t. hulle nie-werkslewe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie resultate is deur die onderhoude en waarnemings bevestig.

In beide groepe het daar onveiligheid bestaan m.b.t.

1. Huwelikslewe

Etlike van die getroude werksters was bekommerd oor hulle huwelikslewe. Etlike van die werksters is, na bewering, baie deur hulle mans mishandel. Die werksters was ook dikwels bekommerd oor hulle kinders wat erg ongehoorsaam was, drank misbruik het, misdade gepleeg het, ens.

2. Finansiële sorge

Die werksters het feitlik sonder uitsondering gekla dat hulle nie kon bestaan op die inkomste wat hulle, en in sommige gevalle hulle mans, verdien het nie. Die meeste werksters het verklaar dat hulle al by baie geleenthede honger gely het a.g.v. gebrek aan geld.

Dit is interessant en belangrik dat Vb.werkster 8 baie nie-industriële response getoon het en dat hierdie response sonder uitsondering op onveiligheid en onsekerheid oor die toekoms gedui het. In die onderhoude wat met haar gevoer is, het sy ook gretig vertel dat haar man oorlede is, dat sy vir haarself en etlike afhanklikes moes sorg en besonder baie persoonlike probleme gehad het.

Dit kan dus op hierdie stadium besef word dat die toetsresultate tot n groot mate deur die informasie wat uit die onderhoude verkry is, bevestig word. Hierop sal in die laaste hoofstuk verder ingegaan word.

.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VI : GEVOLGTREKKINGS

Die informasie wat uit onderhoude met die eksperimentele groepe verkry is, kan soos volg opgesom word:

1. Beide groepe het genoegsame redes gehad waarom hulle ontevrede was.

2. In die privaat (nie-werks) lewe van die lede van die eksperimentele groepe was daar omstandighede wat waarskynlik tot 'n gevoel van onveiligheid sou aanleiding gee.

3. Daar was genoegsame bewys dat die eksperimentele groep uit die Voorbereidingsafdeling besonder agressief was. Die redes hiervoor moet waarskynlik gesoek word in die beleid van die voorman in hierdie afdeling om sy outoriteit en verantwoordelikheid i.v.m. die werksters na die voorvrou, wat deur die werksters as hulle gelyke beskou is, te delegeer.

4. Wat die eksperimentele groep uit die Pakafdeling betref, was dit duidelik dat hier 'n sterk gevoel van onveiligheid voorgekom het. Hierdie gevoel van onveiligheid het waarskynlik sy oorsprong gehad in die gedragslyn i.v.m. dissipline wat deur die voorman in hierdie afdeling gevolg is.

Hierdie informasie kom in hoofsaak ooreen met die resultate wat verkry is uit die statistiese verwerking van die toetsresultate. Op grond hiervan sou die afleiding gemaak kon word dat die twee metodes van ondersoek nl. toepassing van 'n projeksietoets en die voer van nie-rigtinggewende onderhoude wesenlik tot dieselfde gevolgtrekkings lei nl.

1. By die twee groepe (gesamentlik geneem) het 'n toestand van lae moraal (agressiwiteit, onveiligheid en ontevredenheid) geheers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Daar was verskille in die uitingsvorms van hierdie toestand van lae moraal nl. by die Voorbereidingsafdeling het dit hoofsaaklik tot uiting gekom in agressiwiteit en by die Pakafdeling hoofsaaklik in onveiligheid. (Hierdie gevoel van onveiligheid kan egter nie as 'n besliste verskynsel uit die toetsresultate alleen afgelei word nie).

Die verkreë resultate bewys dus dat dit wel moontlik is om 'n projeksietoets soos hier gebruik is, aan te wend om groepsmoraal onder nywerheidswerkers vas te stel. Die oorspronklike doel van hierdie ondersoek is dus bereik.

Daar moet ten slotte gewys word op eerstens, die besondere voordele van hierdie tegniek vir die vasstelling van groepsmoraal en tweedens, die probleme wat met hierdie tegniek verwag kan word.

Die vernaamste voordeel van hierdie metode vir die vasstelling van groepsmoraal bo bv. onderhoude is een wat reeds in Hoofstuk I bespreek is, nl die feit dat weerhouding of verdraaiing (bewus en onbewus) van informasie hier nie so maklik sal plaasvind as wat bv. die geval is met onderhoude nie. Hierdie gevaar is veral groot in die geval waar van direktiewe onderhoudvoering gebruik gemaak word, veral omdat hierdie metode van onderhoudvoering moontlik tot gevolg het dat sekere informasie nie verkry word nie bloot omdat die onderhoudvoerder die onderhoud hier lei en nie die persoon met wie die onderhoud gevoer word die geleentheid gee om te praat oor dié sake wat vir hóm belangrik is en waaroor hy dus graag wil praat nie.

Die tweede moontlike voordeel van hierdie metode is dat dit heelwat minder tyd in beslag neem as onderhoude. Gedurende die ondersoek het die afneem van die response op die 13 kaarte gemiddeld ± 60 minute geneem. Dit was beslis veel minder as die tyd wat deur die onderhoude en waarnemings in beslag geneem word. Die tyd wat geneem word vir die afneem

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die toets sou by meer geletterde toetslinge moontlik baie verkort kan word deur bv. groepsadministrasie en moontlik deur die vermindering van die aantal prikkels (prente) wat gebruik word.

Die moontlikheid om die tyd wat geneem word vir die afneem van die toets te verminder, bring egter die vernaamste probleem wat i.v.m. hierdie tegniek ondervind is na vore.
Wanneer die gegewens in tabelle VI-VIII ondersoek word, is dit duidelik dat die verskillende kaarte nie dieselfde tipe respons by die twee eksperimentele groepe uitgelok het nie. So bv. het Kaart no. 12 by die eksperimentele groep uit die Voorbereidingsafdeling persentasie-gewys die volgende response uitgelok.

41.7%	agressie
50.0%	neutraal
8.3%	onderworpe
41.7%	onveiligheid
58.3%	neutraal
0%	veiligheid
50%	ontevredenheid
50%	neutraal
0%	tevredenheid

By die eksperimentele groep uit die Pakafdeling was die verspreiding soos volg:

33.3%	agressie
33.3%	neutraal
33.3%	onderworpe
88.9%	onveiligheid
11.1%	neutraal
0%	veiligheid
88.9%	ontevredenheid
11.1%	neutraal
0%	tevredenheid

Dieselfde verskynsel nl. groot verskille wat voorkom in die interpretasie van die kaarte kan gesien word m.b.t. Kaarte nos. 3, 7, 10, 13.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die praktyk sal hierdie probleem waarskynlik tot gevolg hê dat dit baie moeilik sal wees om 'n enkele stel kaarte te kry waarin elke kaart ongeveer dieselfde betekenis het vir verskillende groepe werkers. Die rede vir hierdie verskynsel is nie ondersoek nie en is 'n moontlike beginpunt vir 'n verdere ondersoek in verband met die vasstelling van groepsmoraal deur middel van projeksietegnieke.

Ten slotte kan dus gesê word dat die ondersoek wel nuttige resultate gehad het en dat verdere ondersoeke in dié verband die praktiese uitvoerbaarheid van die gebruik van projeksietegnieke vir die meting van groepsmoraal by nywerheidswerkers behoort in te sluit, veral met betrekking tot bogenoemde probleem.

.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

B I B L I O G R A F I E

1. ABT, L.E. and BELLAK, L. : Projetive Psychology. Grove Press, Inc. (John Culder, Ltd.) New York, 1959.

2. RABIN, A.I. and HAWORTH, M.R. : Projetive techniques with children. Grune and Stratton. New York, 1960.

3. ROETHLISBERGER, F.J. and DICKSON, W.J. : Management and the Worker. Harvard University Press. 1947.

.....